Aanhangsel E: Kennisgewing van aansoek ingevolge artikel 42(1)(b) en regulasie 5(2) van Wet

Aanhangsel F1: Inspeksieverslag ingevolge artikel 45(2) en artikel 56(3) van Wet

Aanhangsel F2: Inspeksieverslag ingevolge artikel 82(1)(a) van Wet

Aanhangsel G: Aanstellingcertifikaat van Inspekteur ingevolge artikel 81(1)(b) van Wet

Aanhangsel H1: Beswaarverhoor: Kennisgewing ingevolge artikel 47(2) van Wet, om teenwoordig te wees en te verskyn by verhoor van plaaslike komitee van distriksmunisipaliteit

Aanhangsel H2: Aansoek ingevolge regulasie 44 om aanstelling van natuurlike persoon om besigheid te bestuur en verantwoordelik te wees vir besigheid waarop lisensie van toepassing is

Aanhangsel I: Lisensiesertifikaat ingevolge artikel 62(1) van Wet

Aanhangsel J: Kennisgewing van voorneme om aansoek te doen om Spesiale Geleentheids-Drankpermit

Aanhangsel K: Kennisgewing ingevolge artikel 52(3)(f) van Wet

Aanhangsel L: Kennisgewing van voorneme om aansoek te doen om Dranklisensie

Aanhangsel M: Spesiale Geleentheids-permit ingevolge artikel 53(7) van Wet

Aanhangsel N: Kennisgewing van voorneme om appèl aan te teken teen besluit van Drankowerheid

Aanhangsel O: Aansoek om addisionele berging van drank ingevolge artikel 73(1) van Wet

Aanhangsel P: Aansoek om wysiging aan besigheidperseel

Aanhangsel Q1: Aansoek om oordrag van dranklisensie aan voornemende lisensiehouer

Aanhangsel Q2: Oordrag van Dranklisensiesertifikaat

Aanhangsel R: Aansoek om verskuiwing van lisensie vanaf een gelisensieerde perseel na ander perseel ingevolge artikel 75 van die Wet

Aanhangsel S: Aansoek om hernuwing van lisensie ingevolge artikel 64(2) van Wet

Aanhangsel T: Sekuriteitsplan

Aanhangsel U: Situasionele Verslag

Aanhangsel V: Klagtevorm

Aanhangsel W1: Aansoek om Tydelike Amnestieregistrasie

Aanhangsel W2: Kennisgewing van Tydelike Amnestieregistrasie

DEEL I INLEIDENDE BEPALINGS

Omskrywings

1. In hierdie Regulasies beteken “die Wet” die KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiering, 2010 (Wet No. 6 van 2010), en enige woord of uitdrukking waaraan ’n betekenis geheg word in die Wet dra die betekenis so toegeken daaraan en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

“**aansoek**” enige aansoek ingedien by die Drankowerheid wat voldoen aan al die vereistes soos uiteengesit in die Wet;

“**aansoeker**” enige persoon wat skriftelik aansoek doen by die Drankowerheid ingevolge die Wet;

“**Gedragkode**” die Gedragkode van lede en personeel van die Drankowerheid verwys na in Deel VII van hierdie regulasies;

“**lid**” ’n lid van die Drankowerheid aangestel ingevolge artikel 8(1)(a) van die Wet en ’n lid van die plaaslike komitee aangestel ingevolge artikel 32(1) van die Wet;

“**openbare fasiliteite**” openbare geboue, strukture of grond ontwikkel vir gebruik deur die publiek binne ’n stedelike of peri-stedelike gebied;

“**persoon**” ’n natuurlike of regspersoon;

“**plaasvervangende diens**” betekening van dokumente of kennisgewings deur e-pos of deur publisering in ’n koerant met sirkulasie in ’n gebied waar ’n individu of ’n aantal individue woonagtig is wat regstreeks of onregstreeks ’n belang by die aangeleentheid het;

“**regulasies**” ingesluit alle aanhangsels;

“**riglyne**” ’n beleids- of prosedurehandleiding ontwikkel deur die Drankowerheid, onderworpe aan wysigings van tyd tot tyd, indien nodig, om –

- (a) die Drankowerheid by te staan in die uitvoer van sy mandaat;
- (b) leiding te verskaf aan ’n aansoeker met die aansoekproses ingevolge hierdie regulasies;
- (c) leiding te verskaf aan die gelisensieerde handelaars ingevolge nakoming van die Wet;
- (d) leiding te verskaf aan ’n plaaslike komitee in sy bedryf en werksaamhede ten einde sy mandaat uit te voer;
- (e) die bestuur van klagtes aan die Drankowerheid te reguleer;
- (f) enige ander aangeleentheid te reguleer, waar nodig, vir die implementering van die Wet; en
- (g) leiding te verskaf aan enige ander party met betrekking tot nakoming van die Wet; en

“**SAPD**” die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

7

DEEL II
AANSOEK OM DRANKLISENSIE INGEVOLGE
ARTIKEL 41 VAN WET

Indiening van aansoek by Drankowerheid om dranklisensie ten opsigte van lisensiekategorië gelys onder artikels 39 and 41 van Wet

2.(1) 'n Persoon wat aansoek doen om 'n dranklisensie ten opsigte van die kategorië, gelys onder artikels 39(a) of (b) van die Wet, saamgelees met artikel 2 van die Wet, moet sodanige aansoek indien by die Drankowerheid en moet die aansoekfooï bedoel in Aanhangsel B betaal.

(2) Die aansoek bedoel in subregulasie (1) moet ingedien word by die Drankowerheid slegs op 'n Vrydag, uitgesluit amptelike openbare vakansiedae, by 'n adres soos voorsien deur die Drankowerheid in die aansoekvorm.

(3) 'n Aansoek, soos bedoel in subregulasie (1), ingedien by die Drankowerheid word beskou as behoorlik ingedien indien alle vereiste dokumente en inligting bedoel in artikel 41(2) van die Wet by die Drankowerheid ingedien is.

Vorm van aansoek om dranklisensie by Drankowerheid ten opsigte van lisensiekategorië gelys in artikels 39 en 41 van Wet

3.(1) 'n Aansoeker moet 'n skriftelike aansoek om 'n lisensie indien, in drukskrif en in triplikaat, deur Vorm KZNLA 1 van Aanhangsel A te gebruik en moet –

(a) sodanige inligting soos versoek in die aansoekvorm verskaf tesame met die toepaslike dokumente, soos vereis in die aansoekvorm, ingesluit –

(i) 'n behoorlik getekende en voltooië aansoekvorm;

(ii) bewys van betaling van die aansoekfooï in die vorm van 'n bankkwitansie of 'n kwitansie uitgereik deur die betalingskassier van die Drankowerheid;

(iii) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van die bevestigingsertifikaat van Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, indien die aansoeker 'n regmatige besigheidsentiteit is;

(iv) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van die besigheids- of handelslisensie uitgereik deur die toepaslike staatsorgaan ingevolge enige wet of munisipale verordening indien die perseel alreeds in bedryf is;

(v) 'n gewaarmerkte afskrif van 'n titelakte of huurooreenkoms of toestemming om te okkupeer uitgereik deur die toepaslike owerheid in die guns van die aansoeker wat regmatige okkupasie van die perseel bevestig;

- (vi) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van skriftelike toestemming deur die tersaaklike owerheid vir die eienaar en/ of okkupeerder van die perseel om handel te dryf in drank;
 - (vii) 'n sketsplan van die voorgestelde perseel sowel as kleurfoto's;
 - (viii) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van 'n sertifikaat uitgereik deur die SAPD geldig soos op die datum van indiening van die aansoek vir 'n tydperk van meer as drie maande vanaf die datum van uitreiking deur die SAPD;
 - (ix) 'n geldige en werkende inkomstebelastingklaringsertifikaat uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstedienste geldig vir een jaar vanaf die datum van indiening van die aansoek;
 - (x) 'n breedvoerige sekuriteitsplan; en
 - (xi) vir aansoeke wat verband hou met brandspiritus, 'n toepaslike sertifikaat uitgereik deur 'n tersaaklike munisipaliteit of 'n regeringsdepartement ingevolge enige wet of verordening wat die aansoeker toelaat om handel te dryf in daardie spesifieke produk op 'n voorgenome wyse, waar van toepassing; en
- (b) onder eed of plegtig verklaar, aan die einde van die vermelde vorm, dat die inligting vervat daarin waar en juis is.

(2) Elke sodanige aansoek moet, ten tye van indiening by die Drankowerheid, vergesel gaan van –

- (a) 'n plan van die perseel wat duidelik aandui –
 - (i) die dimensies van elke vertrek;
 - (ii) alle deure, vensters en toonbanke;
 - (iii) ingang- en uitgangspunte van die perseel; en
 - (iv) die straat en plekke wat na welke ingang- en uitgangspunte lei; en
- (b) 'n beskrywing en grootte van die perseel in vierkante meters met verwysing na die vertrekke, ingesluit kombuise, toiletgeriewe, stookkamers en die diensarea waar drank bedien sal word;
- (c) indien die gebou alreeds in bedryf is, kleurfoto's wat duidelik die vereistes van paragraaf (b) hierbo aandui;
- (d) 'n aanduiding van die totale sit- of staankapasiteit van klante wat binne die afsetgebied geakkommodeer kan word;
- (e) enige ander inligting vereis ingevolge die Wet; en
- (f) 'n breedvoerige skriftelike voorlegging of motivering ter ondersteuning van die aansoek, wat moet insluit –
 - (i) vereistes vir openbare belang soos bedoel in artikel 48(6) van die Wet, wat moet insluit –
 - (aa) die behoefte om 'n drankafsetgebied in die gebied;

- (bb) die sosio-ekonomiese impak van 'n drankafsetgebied op die area; en
- (cc) die vermoë van die aansoeker om die afsetgebied te bedryf; en
- (ii) die getal persone wat in diens geneem sal word;
- (iii) die sosiale verantwoordelikhedsprogram-voorlegging, wat 'n implementeringsplan met 'n tydsbestek bevat, van die aansoeker;
- (iv) die nabyheid aan die voorgenome perseel van ander gelisensieerde afsetgebiede, opvoedkundige- en godsdienstinstellings en ander openbare ontspanningsfasiliteite;
- (v) die sekuriteitsplan, soos bedoel in Aanhangel T, ingesluit die impakberaming van misdaadvoorkoms soos bedoel in artikel 48(6)(b)(i) van die Wet;
- (vi) die kriteria soos bedoel in artikel 48(6)(b) van die Wet;
- (vii) 'n geldige en werkende inkomstebelastingklaringsertifikaat geldig vir een jaar vanaf die datum van indiening van die aansoek; en
- (viii) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van 'n sertifikaat uitgereik deur die SAPD geldig soos op die datum van indiening van die aansoek vir 'n tydperk van meer as drie maande vanaf die datum van uitreiking deur die SAPD.

Prosedure by ontvangs van aansoek by Drankowerheid ten opsigte van lisensiekategorië gelys onder artikel 41 van Wet

4. Indien die aansoek om 'n lisensie wat ingedien word ingevolge regulasie 2 onvolledig is, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte, binne 14 dae na ontvangs van welke aansoek, 'n kennisgewing, deur Vorm KZNLA 2 van Aanhangel C te gebruik, uitreik aan die aansoeker om die aansoek te voltooi.

Prosedure wat deur aansoeker gevolg moet word by ontvangs van skriftelike kennisgewing vanaf plaaslike komitee ingevolge artikel 42(1)(b) van Wet

- 5.(1) By ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing deur die plaaslike komitee, moet die aansoeker –
- (a) sodanige kennisgewing publiseer in ten minste een koerant met sirkulasie in die gebied waar die voorgenome perseel (hetsy perseel voltooi of onvoltooi is) geleë sal wees, deur Vorm KZNLA 3 van Aanhangel D te gebruik;
 - (b) 'n 1 m x 1 m kennisgewingbord vertoon op 'n prominente plek by die voorgenome perseel, sigbaar vir verbygangers, wat duidelik dieselfde inligting aandui as dié vervat in Vorm KZNLA 3 van Aanhangel D; en
 - (c) 'n kennisgewing, ingevolge artikel 42(1)(b)(iii), beteken op 'n lid van die huishouding ouer as 16 jaar, waar sodanige inwoners woonagtig is binne 'n radius van 100 meter

vanaf die voorgenome perseel, voltooid of onvoltooid, deur Vorm KZNLA 3 van Aanhangsel D te gebruik.

(2) Die kennisgewing verwys na in subregulasie (5)(1)(a) moet –

- (a) gepubliseer word in 'n plaaslike koerant;
- (b) die inligting versoek in Vorm KZNLA 4 van Aanhangsel E bevat;
- (c) 5 cm x 10 cm in grootte wees; en
- (d) vir inspeksie lê by die tersaaklike plaaslike distrikskomitee en die tersaaklike SAPD stasie vir 'n tydperk van 21 dae vanaf die publiseringsdatum in die koerant.

Prosedure met betrekking tot besware of vertoë ingevolge artikel 43 van Wet

6.(1) 'n Persoon wat vertoë rig of besware indien betreffende 'n aansoek om 'n dranklisensie ingedien ingevolge regulasie 2 moet voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in artikel 43(3) van die Wet.

(2) By ontvangs van 'n skriftelike vertoë moet die Drankowerheid teweegbring dat 'n afskrif van sodanige vertoë gestuur word, per geregistreerde pos of afgelewer aan die aansoeker, waarin welke aansoeker aangeraai word om skriftelik te reageer op die geskrewe vertoë of voorleggings ten opsigte van die voorgenome toestaan van die lisensie.

Indiening van inspeksieverslag ingevolge artikels 45(2) en 56(3) van Wet

7. 'n Inspekteur, aangestel ingevolge artikel 81(1)(a) van die Wet, moet 'n inspeksie uitvoer en 'n verslag indien ingevolge artikel 45(2) of 82(1) van die Wet deur gebruik te maak van Vorm KZNLA 5A of KZNLA 5B, onderskeidelik van Aanhangsel F1 en F2.

Prosedure vir aansoeker se reaksie op besware of vertoë ingevolge artikel 43(4) van Wet

8. 'n Aansoeker kan, nie later nie as sewe dae na ontvangs van 'n beswaar of vertoë ingevolge artikel 43(4) van die Wet, of 'n inspeksieverslag, sy of haar skriftelike reaksie, in triplikaat, indien by die plaaslike komitee.

Bewaarverhore deur plaaslike komitee ingevolge artikel 47(1) van Wet

9.(1) By ontvangs van die reaksie bedoel in regulasie 8 en indien –

- (a) die aangeleentheid duidelik is ten opsigte van die geskrewe vertoë; en

(b) dit moontlik is om die aangeleentheid te beslis ten opsigte van die dokumente voor die komitee,

kan die plaaslike komitee afsien van die hou van 'n beswaarverhoor, soos bedoel in artikel 47(1) van die Wet.

(2) Indien die plaaslike komitee 'n beswaarverhoor hou ingevolge artikel 47(1) van die Wet, moet die orde of prosedure plaasvind soos voorgeskryf in die riglyne.

(3) Indien die plaaslike komitee 'n beswaarverhoor hou volgens subregulasie (2) hierbo, moet hy so doen ter nakoming van artikel 47(2) van die Wet en moet die betrokke partye in kennis stel deur Vorm KZNLA 7 van Aanhangsel H1 te gebruik.

(4) Die kennisgewing bedoel in subregulasie (3) moet gegee word ten minste 14 dae voordat sodanige verhoor plaasvind.

(5) Die skriftelike kennisgewing afgelewer ingevolge artikel 47(4)(a) van die Wet kan afgelewer word per hand, geregistreerde pos of deur plaasvervangende diens.

Prosedure wat deur Drankowerheid gevolg moet word ingevolge artikel 48 van Wet

10.(1) Binne 14 dae na oorweging van die aansoek om 'n lisensie moet 'n plaaslike komitee 'n verslag, met ingeslote voorstelle, indien by die Drankowerheid.

(2) Alle verslae van die plaaslike komitee aan die Drankowerheid moet skriftelik wees en vergesel gaan van alle ondersteunende dokumentasie.

(3) Indien die plaaslike komitee versuim om sy werksaamhede te verrig weens –

(a) nie-funksionering of swak funksionering van die plaaslike komitee soos vereis word ingevolge artikel 41(5) van die Wet; of

(b) nalating om sy werksaamhede uit te voer ingevolge artikels 46(2) en 47(1) van die Wet,

moet die Drankowerheid die aangeleentheid oorweeg en afhandel as die finale gesag op die aansoek.

(4) Indien die Drankowerheid optree onder omstandighede bedoel in subregulasie (3), moet die Drankowerheid die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad inlig van sodanige versuim aan die kant van die plaaslike komitee.

(5) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad moet toepaslike stappe neem teen die lede van die plaaslike komitee ooreenkomstig die voorgeskrewe Gedragskode van toepassing op die plaaslike komitee, sowel as om op te tree in ooreenstemming met die bepalings van artikel 37 van die Wet.

Lisensiesertifikaat by toestaan van lisensie

11.(1) Indien 'n lisensie toegestaan word deur die Drankowerheid moet 'n lisensiesertifikaat in Vorm KZNLA 9 van Aanhangsel I, ingevolge artikel 23(2)(a) van die Wet, uitgereik word deur die Hoof-Uitvoerende Beampte.

(2) Die Drankowerheid kan 'n voorwaardelike kennisgewing van goedkeuring, bedoel in artikel 49(1) van die Wet, uitreik.

(3) Enige goedkeuring uitgereik ingevolge hierdie regulasie is nie oordraagbaar sonder vooraf goedkeuring deur die Drankowerheid nie.

Inspeksies

12. Indien die sekretaris van 'n plaaslike komitee, ingevolge artikel 45(1) van die Wet, 'n inspekteur, aangestel ingevolge artikel 81(1)(a) van die Wet, beveel om 'n inspeksie uit te voer, moet hy of sy so doen en 'n verslag indien by die plaaslike komitee deur Vorm KZNLA 5A van Aanhangsel F1 te voltooi binne 14 dae na die uitvoer van sodanige inspeksie.

Voorwaardelike goedkeuring ingevolge artikel 49 van Wet

13.(1) Sou die aansoeker versuim om die voorwaardes bedoel in artikel 49(1) van die Wet na te kom binne 18 maande vanaf die datum van die toestaan van die aansoek, verstryk die toestaan van die voorwaardelike aansoek en sodanige goedkeuring word beskou as nie toegestaan nie: Met dien verstande dat 'n skriftelike versoek om verlenging, bedoel in subregulasie (2), nie gemaak is nie.

(2) Die aansoeker bedoel in subregulasie (1) kan 'n skriftelike versoek aan die Drankowerheid rig om verlenging van die tydperk bedoel in subregulasie (1) een maand voor die verstryking van sodanige tydperk verwys na in subregulasie (1).

(3) Die bewyslas berus by die aansoeker om te verseker dat die aansoek om verlenging, verwys na in subregulasie (2), ontvang is deur die Drankowerheid een maand voor die verstryking van die voorwaardelike goedkeuring.

(4) Indien die aansoeker versuim om die tydraamwerke, bedoel in subregulasies (1) en (3), na te kom word sodanige goedkeuring beskou as verstreke.

(5) Die aansoeker moet verseker dat die tersaaklike besigheids- of handelslisensie, indien van toepassing, gewaarborg en ingedien is by die Drankowerheid binne die tydperk verwys na in subregulasies (1) en (3).

Spesiale voorwaardes vir kruideniersperseel ingevolge artikel 50(3) van Wet

14.(1) 'n Houer van 'n buiteverbruiklisensie, ten opsigte van 'n kruideniersperseel, moet verseker dat 'n aparte en afgebakende gebied binne die kruidenierswinkel opsygesit word vir die doel van die kleinhandelverkope van drank, ingevolge die Wet.

(2) Die gebied bedoel in subregulasie (1) moet duidelik aangedui word in rooi op die vloerplan van die winkel.

(3) Die gebied bedoel in subregulasie (1) moet insluit –

- (a) 'n aparte kassierspunt;
- (b) streng gekontroleerde ingang- en uitgangspunte;
- (c) 'n toepaslike uithangbord, vertoon by die ingang tot die drankafdeling binne die kruideniersperseel, wat die verbod op toegang van minderjariges aandui; en
- (d) 'n afsonderlike en geslote afgebakende gebied vir die kleinhandelverkope van drank met 'n enkele ingang- en uitgangspunt vir die geslote gebied.

(4) Enige strukturele wysigings, aanbouings, herkonstruksie of uitbreiding van, of aan, die afgebakende gebied van die vloerplan moet goedgekeur word deur die Drankowerheid ingevolge artikel 72(1) van die Wet.

(5) 'n Lisensiehouer moet verseker dat die kassiere en ander personeellede binne die afgebakende gebied opgelei is in die bepalings van die Wet, die dranklisensieringsvoorwaardes en om nie drank aan minderjariges te verkoop nie.

(6) Indien 'n lisensiehouer of 'n personeellid in diens van die lisensiehouer met goeie rede vermoed dat 'n klant minderjarig is moet sodanige lisensiehouer of personeellid in diens van die lisensiehouer vereis dat die klant positiewe identifikasie of bewys van ouderdom voorlê.

Meedeel van besluit ingevolge artikel 51(1) van Wet

15.(1) Indien die Drankowerheid besluit het om 'n lisensie toe te staan, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte die aansoeker, binne 14 dae, inlig dat die lisensie uitgereik sal word by betaling van die aansoekfooi vermeld in Aangangsel B.

(2) By die meedeel van die besluit bedoel in subregulasie (1) moet die Hoof- Uitvoerende Beampte ook enige persoon wat beswaar gemaak het of verhoë gerig het, soos bedoel in artikel 51(1)(b) van die Wet, inlig van die reg om appèl aan te teken teen die besluit van die Drankowerheid deur die proses, soos bedoel in artikel 61 van die Wet, te volg.

(3) Indien appèl aangeteken is ingevolge artikel 61 van die Wet, moet die Drankowerheid die aansoeker inlig dat die lisensiesertifikaat nie uitgereik sal word nie totdat sodanige appèl afgehandel is en 'n bevinding uitgereik is ingevolge artikel 61(7) van die Wet.

DEEL III AANSOEKE OM SPESIALE GELEENTHEDE-PERMITTE INGEVOLGE ARTIKEL 52(1)(a) EN (b) VAN WET

Prosedure vir indiening van aansoek om spesiale geleentheid-permitte ingevolge artikel 52(1)(a) en (b) van Wet

16.(1) 'n Persoon wat aansoek doen om 'n spesiale geleentheid-permit ingevolge artikel 52(1)(a) en (b) van die Wet moet sodanige aansoek indien by die Drankowerheid deur Vorm KZNLA 1 van Aangangsel A te gebruik en die aansoekfooi om spesiale geleentheid-permitte, soos vermeld in Aangangsel B, te betaal.

(2) Die aansoek om 'n spesiale geleentheid-permit bedoel in subregulasie (1) moet ingedien word by die Drankowerheid op enige besigheidsgdag en binne 14 dae voor die geleentheid plaasvind.

(3) 'n Aansoek ingedien by die Drankowerheid, soos bedoel in subregulasie (1), word beskou as behoorlik ingedien wanneer alle nodige dokumentasie en inligting versoek in die vorm ingedien is by die Drankowerheid.

Aansoek om spesiale geleentheid-permit ingevolge artikel 52(3) van Wet

17.(1) Indien 'n aansoeker aansoek doen om 'n spesiale geleentheid-permit moet sodanige aansoek skriftelik, in drukskrif en in tripikaat, gedoen word deur Vorm KZNLA 1 van Aanhangel A te gebruik.

(2) Indien 'n aansoeker aansoek doen om 'n spesiale geleentheid-permit bedoel subregulasie (1), moet welke aansoeker –

(a) in die aansoek sodanige inligting, saam met die toepaslike dokumente, soos vereis in die aansoekvorm verskaf, ingesluit –

(i) 'n behoorlik getekende en voltooië aansoekvorm;

(ii) bewys van betaling van die aansoekfooi in die vorm van 'n bankkwitansie of 'n kwitansie uitgereik deur die Drankowerheid se betalingskassier;

(iii) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van 'n toestemmingsbrief van die plaaslike munisipaliteit vir die spesiale geleentheid;

(iv) 'n gewaarmerkte afskrif of oorspronklike brief van skriftelike toestemming van die organiseerder van die spesiale geleentheid, wat toestemming verleen vir die aangeleentheid van die spesiale geleentheid-permit van die aansoeker vir die geleentheid;

(v) 'n breedvoerige sekuriteitsplan;

(vi) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van die situasionele verslag deur die stasiebevelvoerder van die plaaslike SAPD;

(vii) waar van toepassing, bewys van publiserings ingevolge artikel 52(3)(f) van die Wet;

(viii) bewys van betekening ingevolge artikel 52(3)(g) van die Wet;

(ix) vir aansoeke wat verband hou met brandspiritus, 'n toepaslike sertifikaat uitgereik deur 'n tersaaklike munisipaliteit of 'n regeringsdepartement ingevolge enige wet of verordening wat die aansoeker toelaat om handel te dryf in daardie besondere produk op 'n wyse bedoel waar van toepassing; en

(x) enige ander dokument vereis ingevolge die Wet; en

(b) die naam van die persoon wat die drankverkope by die spesiale geleentheid sal bestuur verskaf; en

(c) onder eed verklaar of plegtig bevestig aan die einde van die vorm dat die inligting vervat daarin waar en juis is.

(3) Sou die perseel waar die spesiale geleentheid bedoel in subregulasie (1) in 'n residensiële gebied geleë wees, moet die aansoeker kennis gee van die aansoek aan die publiek deur gebruik te maak van die prosedure bedoel in regulasie (5).

(4) Die aansoeker bedoel in subregulasie (1) moet 'n omvattende sekuriteitsplan bedoel in artikel 52(3)(h) van die Wet, en in ooreenstemming met die bepalings van regulasie 3(2)(d)(v), indien.

(5) Indien die aansoekvorm om 'n spesiale geleentheid-permit onvolledig is, moet die Drankowerheid onmiddelik 'n kennisgewing in Vorm KZNLA 2 van Aanhangsel C aan die aansoeker uitreik ten einde 'n onvolledige aansoek te voltooi.

(6) Die bewyslas berus by die aansoeker om te verseker dat –

(a) die aansoek om 'n spesiale geleentheid-permit volledig is; en

(b) die aansoek om die spesiale geleentheid-permit betyds ingedien word by die Drankowerheid vir oorweging.

(7) Die aansoek om die spesiale geleentheid-permit moet vergesel gaan van 'n behoorlik-voltooide situasionele verslag in Vorm KZNLA 21 van Aanhangsel U.

(8) Indien 'n aansoek om 'n spesiale geleentheid-permit volledig is moet die Drankowerheid, binne vyf dae vanaf ontvangs daarvan, die aansoek oorweeg in ooreenstemming met artikel 53 van die Wet.

(9) Indien die Drankowerheid 'n permit toestaan ingevolge artikel 53(2)(a) van die Wet moet hy so doen deur Vorm KZNLA 13 van Aanhangsel M te gebruik.

(10) Enige goedkeuring uitgereik ingevolge hierdie regulasie is nie oordraagbaar nie.

(11) Die aansoeker is verantwoordelik vir 'n fooi, bedoel in Aanhangsel B, vir elke dag van handeldrywing vir die duur van die spesiale geleentheid.

(12) Die fooi bedoel in subregulasie (11) is betaalbaar voor die uitreiking van die spesiale geleentheid-permit.

(13) Indien die aansoek bedoel in subregulasie (1) afgekeur word, moet die Drankowerheid die aansoeker inlig van sy of haar reg tot appèl teen die besluit van die Drankowerheid deur die proses bedoel in artikel 61 van die Wet te volg.

Besware of versoë ten opsigte van aansoek om spesiale geleentheid-permit ingevolge artikel 53(1)(a) van Wet

18.(1) In openbare belang, en saamgelees met die bepalings van artikel 52(3)(f);(g) en (h) van die Wet, moet die Drankowerheid, ingevolge artikel 53(1)(a) van die Wet, alle skriftelike versoë wat ontvang is oorweeg wanneer 'n volledige aansoek om 'n spesiale geleentheid-permit oorweeg word.

(2) Versoë bedoel in subregulasie (1) moet ontvang word nie later nie as vyf dae vanaf die datum waarop sodanige kennisgewing van die voorgenome spesiale geleentheid gepubliseer is in die koerant.

(3) Versoë, verwys na in subregulasie (2), moet ingedien word by die kantore van die Drankowerheid.

(4) Enige persoon wat versoë rig, soos bedoel in subregulasie (2), moet –

- (a) sy of haar volle name en adres voorsien;
- (b) 'n gewaarmerkte afskrif van die identiteitsdokument van 'n natuurlike persoon verskaf;
- (c) die aard van die persoon se belang in die aansoek verklaar; en
- (d) omvattende gronde vir versoë betreffende die aansoek om die spesiale geleentheid-permit verskaf.

(5) By ontvangs van skriftelike versoë soos bedoel in subregulasie (2), moet die Drankowerheid teweegbring dat 'n afskrif van sodanige versoë, per geregistreerde pos of deur 'n vervangende diens, afgelewer word aan die aansoeker waarin aanbeveel word dat sodanige aansoeker skriftelik moet antwoord op die skriftelike versoë, of voorleggings maak binne 48 uur vanaf ontvangs van die kennisgewing.

(6) Indien 'n appèl ingedien is ingevolge artikel 61 van die Wet, moet die Drankowerheid die aansoeker inlig dat die spesiale geleentheid-permit nie uitgereik sal word nie voor die appèl afgehandel is en 'n bevinding uitgereik is ingevolge artikel 61(7) van die Wet.

DEEL IV
AANSOEKE OM BETROKKE TE WEES IN MIKROVERWAARDIGING VAN DRANK
INGEVOLGE ARTIKEL 55(1) VAN WET

Aansoekprosedure om mikrovervaardiging van drank ingevolge artikel 55(1) van Wet

19.(1) 'n Persoon wat verlang om betrokke te wees in die mikrovervaardiging van drank soos bedoel in artikel 55(1) van die Wet moet –

- (a) 'n getekende en volledige aansoek skriftelik, saam met die toepaslike dokumente waar vereis, by die Drankowerheid indien deur van Vorm KZNLA 1 van Aanhangsel A gebruik te maak;
- (b) die fisiese adres van die fasiliteit waar die besigheid bedryf sal word aandui of 'n beskrywing van die ligging van die perseel ingevolge identifiseerbare bakens;
- (c) die vereiste besonderhede van die aansoeker voorsien; en
- (d) die aansoekfooi bedoel in Aanhangsel B betaal.

(2) Die aansoek bedoel in subregulasie (1) moet slegs op 'n Vrydag, uitgesluit amptelike openbare vakansies, ingedien word by die Drankowerheid, by 'n adres voorsien deur die Drankowerheid in die aansoekvorm.

(3) Die perseel, ten opsigte waarvan 'n lisensie om betrokke te wees in die mikrovervaardiging van drank verlang word, moet voldoen aan die voorgeskrewe vereistes van die standaard boueregulasies van 'n munisipaliteit waarin die besigheid geleë is.

(4) Elke sodanige aansoek moet, ten tye van indiening by die Drankowerheid, vergesel gaan van –

- (a) 'n perseelplan wat duidelik aandui –
 - (i) die dimensies van elke vertrek;
 - (ii) alle toonbanke, deure en vensters wat dien as middele van ingang en uitgang van die perseel; en
 - (iii) die straat en plekke waarheen sodanige ingange en uitgange lei; en
- (b) 'n beskrywing en grootte van die perseel in vierkante meter, met verwysing na die vertrekke, insluitend kombuise, ablusiefasiliteite, stoorkamers, diensareas van die perseel en konstruksiemateriaal;
- (c) met betrekking tot 'n perseel nog nie gebou nie of onder konstruksie –
 - (i) die besonderhede van sodanige voorgenome perseel, ingesluit 'n breedvoerige sketsplan van die perseel wat die kamers, geboue en konstruksiemateriaal aandui; en
 - (ii) ander toepaslike inligting; en
- (d) indien die perseel bedoel in paragrawe (a) en (b) alreeds bedryf word, kleurfoto's wat die fasiliteite, uiteengesit in paragrawe (a) en (b), duidelik weergee;
- (e) bewys van wettige okkupasie van die perseel in die vorm van 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van 'n titelakte, 'n huurooreenkoms in die naam van die aansoeker of

toestemming om die perseel te okkupeer uitgereik in die guns van die aansoeker deur die toepaslike owerheid;

(f) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van 'n skriftelike toestemming van die perseeleienaar of die tersaaklike owerheid vir die aansoeker om die voorgenome besigheid vanaf die betrokke perseel te bedryf;

(g) 'n omvattende skriftelike voorlegging of motivering ter ondersteuning van die aansoek;

(h) vereistes in openbare belang, bedoel in artikel 57(5) van die Wet, wat moet insluit –

(i) die behoefte aan 'n mikrovervaardigingsfasiliteit in die gebied;

(ii) die ekonomiese impak van 'n mikrovervaardigingsfasiliteit op die gebied;

(iii) die vermoë van die aansoeker om die fasiliteit te bedryf ten opsigte van infrastruktuur- en bedryfskundigheid;

(iv) die getal persone wat in diens geneem sal word;

(v) die voorgenome sosiale verantwoordelikhedsprogram van die aansoeker;

(vi) die nabyheid van ander gelisensieerde afsetgebiede en mikrovervaardigingsfasiliteite, opvoedkundige- en godsdienstinstellings en ander openbare ontspanningsfasiliteite aan die voorgenome perseel;

(vii) 'n sekuriteitsplan soos bedoel in Aanhangsel T, ingesluit die beraming ten opsigte van misdaadvoorkomsimpak soos bedoel in artikel 57(5)(b)(i) van die Wet; en

(viii) die kriteria bedoel in artikel 57(4) en (5) van die Wet; en

(i) 'n geldige en werkende inkomstebelastingklaringsertifikaat uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstedienste geldig vir een jaar vanaf die datum van indiening van die aansoek;

(j) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van die bevestigingsertifikaat van Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, indien die aansoeker 'n regmatige besigheidsentiteit is;

(k) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van die besigheids- of handelslisensie uitgereik deur die tersaaklike staatsorgaan ingevolge enige wet of munisipale verordening indien die perseel alreeds in bedryf is;

(l) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van 'n sertifikaat uitgereik deur die SAPD, geldig soos op datum van indiening van die aansoek vir 'n tydperk van meer as drie maande vanaf die datum van uitreiking deur die SAPD;

(m) vir aansoeke wat verband hou met brandspiritus, 'n toepaslike sertifikaat uitgereik deur 'n tersaaklike munisipaliteit of 'n regeringsdepartement ingevolge enige wet of verordening wat die aansoeker toelaat om handel te dryf in daardie spesifieke produk op 'n wyse bedoel, waar van toepassing; en

(n) enige ander dokument vereis ingevolge van die Wet.

(5) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet –

- (a) alle aansoeke bedoel in subregulasie (1) ontvang;
- (b) die datum van ontvangs op elke aansoek aanbring;
- (c) 'n lys van aansoekers opstel en die lys hou en byhou as deel van die register bedoel in artikel 23(2)(b) van die Wet; en
- (d) by ontvangs van 'n aansoek, die aansoek kontroleer ten einde te bepaal of dit volledig is.

(6) Indien die Hoof- Uitvoerende Beampte bepaal dat die aansoek onvolledig is moet hy of sy, binne 14 dae na ontvangs van 'n aansoek, 'n kennisgewing uitreik waarin die aansoeker versoek word om die onvolledige aansoek binne 21 dae te voltooi.

(7) Waar 'n appèl ingedien is ingevolge artikel 61 van die Wet, moet die Drankowerheid die aansoeker inlig dat die lisensie nie uitgereik sal word nie voor die appèl afgehandel is en 'n uitslagsertifikaat uitgereik is ingevolge artikel 61(7) van die Wet.

Inspeksies ten opsigte van aansoek om betrokke te wees in mikrovervaardiging van drank ingevolge artikel 56(3) van Wet

20. Ingevolge artikel 56(3) van die Wet moet die inspekteur die inspeksie uitvoer en 'n verslag indien by die Drankowerheid deur Vorm KZNLA 5A van Aanhangsel F1 te gebruik.

Voorwaardelike goedkeurings ten opsigte van aansoek om betrokke te wees in mikrovervaardiging van drank ingevolge artikel 58 van Wet

21.(1) Sou die aansoeker versuim om te voldoen aan die voorwaardes bedoel in artikel 58 van die Wet binne 18 maande vanaf die datum van die toestaan van die aansoek, sal die voorwaardelike goedkeuring verstryk en welke goedkeuring sal beskou word as nie toegestaan nie: Met dien verstande dat 'n skriftelike versoek om verlenging, soos bedoel in subregulasie (2), nie gemaak is nie.

(2) Die aansoeker bedoel in subregulasie (1) kan 'n skriftelike versoek aan die Drankowerheid rig om verlenging van die tydperk, vermeld in subregulasie (1), een maand voor die verstryking van sodanige tydperk verwys na in subregulasie (1).

(3) Die bewyslas berus by die aansoeker om te verseker dat die aansoek om verlenging, vermeld in subregulasie (2), ontvang is deur die Drankowerheid een maand voor die verstryking van die voorwaardelike goedkeuring.

(4) Indien die aansoeker versuim om te voldoen aan die tydraamwerke bedoel in subregulasies (1) en (3) sal die voorwaardelike goedkeuring beskou word as verstreke.

(5) Die aansoeker moet verseker dat die toepaslike besigheids- of handelslisensie gewaarborg is en ingedien word by die Drankowerheid binne die tydperk verwys na in subregulasies (1) en (3).

Verbod op mikrovervaardiging van ongesonde konkoksies ingevolge artikel 92 van Wet

22. 'n Lisensiehouer in die kategorie van mikrovervaardiging van drank kan nie drank vervaardig nie, anders as dit wat goedgekeur is deur die betrokke regeringsdepartement en ter nakoming van die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet No. 60 van 1989), soos gewysig.

Vorm van versoë teen besluite van Drankowerheid ingevolge artikel 61(1) van Wet

23. Indien 'n persoon, geraak deur 'n besluit geneem deur die Drankowerheid, verlang om appèl aan te teken teen die besluit soos bedoel in artikel 61(1) van die Wet, moet sodanige persoon 'n kennisgewing van voorneme om te appelleer indien deur gebruik te maak van Vorm KZNLA 14 van Aanhangsel N.

Kennisgewing van lisensiesertifikaat of permit ingevolge artikel 62(1) van Wet

24. Indien 'n lisensie of permit toegestaan word deur die Drankowerheid moet die Hoof-Uitvoerende Beampte, na ontvangs van betaling van die voorgeskrewe lisensie- of permitfooi bedoel in Aanhangsel B, 'n lisensiesertifikaat of -permit in die aansoeker se naam uitreik deur Vorm KZNLA 9 van Aanhangsel I te gebruik.

Jaargelde ingevolge artikel 64 van Wet

25.(1) 'n Lisensiehouer moet, binne ses maande voor die verstryking van die geldigheid van die lisensie ingevolge artikel 64(2)(b) van die Wet –

- (a) aansoek doen om die hernuwing van sy lisensie deur gebruik te maak van vorm KZNLA 19 van Aanhangsel S; en

(b) die jaargelde betaal soos bedoel in Aanhangsel B op of voor die verstrykingsdatum van die lisensie.

(2) Die betaling van die jaargelde bedoel in subregulasie (1) konstitueer 'n hernuwing van 'n lisensie vir 'n tydperk van een jaar.

(3) By betaling van die jaargelde bedoel in subregulasie (1), moet die lisensiehouer die Drankowerheid voorsien van –

(a) 'n gewaarmerkte afskrif van die dranklisensie;

(b) 'n gewaarmerkte afskrif van die identiteitsdokument van die lisensiehouer;

(c) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van 'n geldige, werkende inkomstebelastingklaringsertifikaat, geldig vir een jaar vanaf die datum van indiening van die aansoek; en

(d) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van 'n sertifikaat uitgereik deur die SAPD geldig soos op die datum van indiening van die aansoek vir 'n tydperk van meer as drie maande vanaf die datum van uitreiking deur die SAPD.

(4) Die aansoek om hernuwing bedoel in subregulasie (3) word beskou as volledig wanneer alle dokumente vermeld in subregulasie (3) ingedien is.

(5) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan, deur kennisgewing in die *Koerant*, en na oorlegpleging met die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Finansies, jaarliks die voorgeskrewe fooie vermeld in Aanhangsel B hersien.

Kansellasië van lisensie as gevolg van nie-handeldrywing ingevolge artikel 66(1) van Wet

26.(1) Voordat die Drankowerheid besluit om, by aansoek deur 'n belanghebbende, 'n lisensie te kanselleer ingevolge artikel 66(1) van die Wet moet die Drankowerheid die lisensiehouer in kennis stel van die voorgenome besluit.

(2) Die kennisgewing bedoel in subregulasie (1) moet duidelik aandui dat die lisensiehouer die reg het om 'n voorlegging te maak as rede waarom die lisensie nie gekanselleer behoort te word nie.

(3) Die kennisgewing bedoel in subregulasie (1) moet die tydraamwerk waarbinne, en aan wie, sodanige voorlegging gemaak moet word, vermeld.

(4) Sodra die Drankowerheid die voorleggings bedoel in subregulasie (3) ontvang het, kan hy besluit om 'n ondersoek te gelas of besluit oor die saak op grond van die inligting ontvang vanaf, of voorleggings gemaak deur, die lisensiehouer.

(5) Sodra 'n besluit geneem is deur die Drankowerheid, moet dit aan die lisensiehouer meegedeel word binne 14 dae nadat sodanige besluit geneem is.

(6) Die lisensiehouer het die reg om appèl aan te teken teen die besluit van die Drankowerheid deur die prosedure bedoel in artikel 61 van die Wet te volg.

Dood of onbevoegdheid van sekere gelisensieerde persone of aansoekers wat houers is van voorwaardelike goedkeuring of voornemende houers of permithouers ingevolge artikel 68 van Wet

27.(1) Onder omstandighede waar die belang in 'n gelisensieerde besigheid besit word deur 'n persoon onder kuratorskap of wat oorlede is, deur toepassing van die wet of andersins, oorgedra aan sy of haar boedel, of enige ander persoon wat aansoek doen ingevolge artikel 68(2)(a)(i) van die Wet moet, skriftelik, binne 30 dae vanaf die datum waarop sodanige dood of kuratorskap van toepassing is, skriftelik aansoek doen om 'n lisensie by die Drankowerheid.

(2) Die aansoeker bedoel in subregulasie (1) moet 'n aansoek, skriftelik, in triplikaat en in drukskrif, om 'n lisensie indien deur gebruik te maak van Vorm KZNLA 17A van Aanhangsel Q1 en moet –

- (a) sodanige inligting, soos aangevra in die aansoekform, verskaf; en
- (b) onder eed of plegtig verklaar, aan die einde van die vermelde vorm, dat die inligting daarin vervat waar en juis is.

(3) Die aansoek bedoel in subregulasie (1) moet insluit –

- (a) 'n afskrif van die dranklisensie;
- (b) 'n afskrif van die identiteitsdokument van die aansoeker bedoel in subregulasie (1);
- (c) 'n afskrif van die identiteitsdokument van 'n gelisensieerde persoon, of 'n aansoeker wat die houer is van voorwaardelike toestemming, of 'n voornemende lisensie- of permithouer wat gesekwestreer is, onder likwidasie of geregtelike bestuur geplaas is, of oorlede is;
- (d) 'n gewaarmerkte afskrif van die lisensiehouer se doodsertifikaat;
- (e) 'n gewaarmerkte afskrif van bewys dat die lisensiehouer onbevoeg, gelikwideer of onder geregtelike bestuur is;

(f) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van 'n geldige en werkende inkomstebelastingklaringsertifikaat geldig vir een jaar vanaf die datum van indiening van die aansoek; en

(g) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van 'n sertifikaat uitgereik deur die SAPD geldig soos op die datum van indiening van die aansoek vir 'n tydperk van meer as drie maande vanaf die datum van uitreiking deur die SAPD.

(4) Die aansoek bedoel in subregulasie (1) word beskou as volledig indien alle dokumentasie bedoel in subregulasie (3) ingedien is.

(5) Die bepalings van artikel 74 van die Wet is van toepassing, met die nodige veranderinge, rakende die aansoek bedoel in subregulasie (1).

Aanskaffing van finansiële belang ingevolge artikel 69(1) van Wet

28.(1) 'n Gelisensieerde persoon moet nie toelaat dat enige ander persoon 'n finansiële belang in die besigheid, waarop die lisensie van toepassing is, bekom nie tensy die Drankowerheid, ingevolge artikel 69(1) van die Wet, by skriftelike aansoek gedoen deur die gelisensieerde persoon deur gebruik te maak van Vorm KZNLA 17A van Aanhangsel Q1, toestemming gegee het dat die ander persoon daardie belang in daardie besigheid kan bekom.

(2) Die aansoek bedoel in subregulasie (1) moet vergesel gaan van –

(a) 'n geldige en werkende inkomstebelastingklaringsertifikaat van die persoon wat die finansiële belang bekom; en

(b) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van 'n sertifikaat uitgereik deur die SAPD geldig soos op die datum van indiening van die aansoek vir 'n tydperk van meer as drie maande vanaf die datum van uitreiking deur die SAPD, wat aandui hetsy of nie die persoon wat die finansiële belang verkry skuldig bevind is aan enige kriminele oortredings.

(3) Indien die Drankowerheid besluit om die aanskaffing van 'n finansiële belang, bedoel in subregulasie (1), goed te keur, moet sodanige belang of aanskaffing nie die persentasie van belang van die lisensiehouer in die besigheid oorskry nie.

(4) Voordat die Drankowerheid besluit om die oordrag bedoel in subregulasie (2) goed te keur, kan die Drankowerheid die status van die voorgestelde persoon, wat die onderwerp is van die aansoek, ondersoek ten einde te verseker dat sodanige persoon nie onbevoeg is nie ingevolge artikel 40 van die Wet.

(5) By die ondersoek van die persoon bedoel in subregulasie (4), kan die Drankowerheid, met goeie beweegrede bewys, die publiek uitnoui om verhoë te rig ter ondersteuning van redes waarom die aanskaffing bedoel in subregulasie (1) nie goedgekeur kan word nie.

(6) Indien die Drankowerheid die aansoek bedoel in subregulasie (2) afkeur kan die aansoeker, of die persoon wat 'n finansiële belang bekom, appèl aanteken teen die besluit van die Drankowerheid deur die prosedure bedoel in artikel 61 van die Wet te volg.

Wysiging aan gelisensieerde perseel of aard van besigheid ingevolge artikel 72 van Wet

29.(1) 'n Lisensiehouer wat verlang om –

- (a) strukturele veranderinge aan die gelisensieerde perseel aan te bring; of
- (b) die aard van die besigheid te verander; of
- (c) die vloerplan te verander,

moet skriftelik aansoek doen om toestemming by die Drankowerheid deur Vorm KZNLA 16 van Aanhangsel P te gebruik.

(2) 'n Aansoek bedoel in subregulasie (1) moet vergesel gaan van –

- (a) 'n hersiene plan, met die wysigings van die perseel aangebring in rooi, tesame met die tersaaklike goedkeuring deur die betrokke owerheid;
- (b) 'n skriftelike voorlegging;
- (c) 'n beskrywing van die gelisensieerde perseel;
- (d) 'n gewaarmerkte afskrif van die identiteitsdokument van die lisensiehouer of memorandum van inlywing, indien 'n regs persoon;
- (e) bewys van betaling van die voorgeskrewe fooi soos bedoel in Aanhangsel B van die Bylae tot hierdie regulasies; en
- (f) waar van toepassing, toestemming van die eienaar van die perseel.

(3) 'n Aansoek bedoel in subregulasie (1) word beskou as behoorlik ingedien indien alle vereiste dokumentasie ingedien is by die Drankowerheid.

(4) By ontvangs van die aansoek bedoel in subregulasie (2) moet die Drankowerheid, binne 14 dae, 'n aangewese inspekteur uitstuur vir inspeksie van die gelisensieerde perseel en om 'n skriftelike inspeksieverslag binne 21 dae in te dien.

(5) Die Drankowerheid moet die aansoek ingedien ingevolge subregulasie (1) oorweeg en finaliseer binne 90 dae vanaf ontvangs van sodanige aansoek.

Berging van drank ingevolge artikel 73 van Wet

30.(1) 'n Lisensie- of permithouer wat verlang om drank te berg op 'n perseel anders as die gelisensieerde perseel moet 'n skriftelike versoek by die Drankowerheid indien vir oorweging deur Vorm KZNLA 15 van Aanhangsel O te gebruik.

(2) Die skriftelike versoek bedoel in subregulasie (1) moet vergesel gaan van –

- (a) 'n vloerplan van die perseel, goedgekeur deur die tersaaklike owerheid, vir bergingsdoeleindes;
- (b) die fisiese adres en beskrywing van die voorgenome bergingsperseel;
- (c) 'n skriftelike voorlegging of motivering vir addisionele bergingspasië;
- (d) 'n gewaarmerkte afskrif van die identiteitsdokument van die lisensie- of permithouer indien 'n natuurlike persoon, of memorandum van inlywing indien 'n regs persoon, wat aansoek doen;
- (e) bewys van betaling van die voorgeskrewe fooi bedoel in Aanhangsel B van die Bylae tot hierdie regulasies;
- (f) 'n gewaarmerkte afskrif van die geldige lisensie of permit; en
- (g) indien van toepassing, skriftelike toestemming deur die eienaar van die perseel waar die drank geberg sal word.

(3) 'n Versoek, soos bedoel in subregulasie (1), word beskou as behoorlik ingedien indien alle noodsaaklike dokumentasie ingedien is by, en die fooie betaal is aan, die Drankowerheid.

(4) By ontvangs van die versoek bedoel in subregulasie (1) moet die Drankowerheid, binne 14 dae, 'n aangewese inspekteur uitstuur vir –

- (a) inspeksie van die gelisensieerde perseel; en
- (b) indiening van 'n skriftelike verslag –
 - (i) binne 21 dae in die geval van lisensiehouers; of
 - (ii) binne vyf dae in die geval van permithouers.

(5) Die Drankowerheid moet die versoek ingedien ingevolge subregulasie (1) oorweeg en afhandel binne 'n redelike tydperk.

DEEL V
OORDRAG VAN LISENSIE AAN VOORNEMENDE HOUER
INGEVOLGE ARTIKEL 74 VAN WET

Prosedure vir oordrag van lisensie aan voornemende houer ingevolge artikel 74 van Wet

31.(1) 'n Lisensiehouer wat aansoek doen om oordrag van 'n dranklisensie aan 'n ander persoon ingevolge artikel 74 van die Wet moet sodanige aansoek by die Drankowerheid indien deur Vorm KZNLA 17A van Aanhangsel Q1 te gebruik en moet die voorgeskrewe fooi vir oordrag van 'n lisensie soos bedoel in Aanhangsel B betaal.

(2) Die aansoek om oordrag van 'n lisensie bedoel in subregulasie (1) moet slegs op 'n Vrydag, uitgesluit amptelike openbare vakansiedae, ingedien word by die Drankowerheid by 'n adres soos verskaf in die aansoekvorm deur die Drankowerheid.

(3) 'n Aansoek ingedien by die Drankowerheid, soos bedoel in subregulasie (1), word beskou as behoorlik ingedien indien alle vereiste dokumentasie en inligting, bedoel in artikel 41(2)(b)(ii)(iii)(iv) en artikel 74(2) van die Wet, ingedien is by die Drankowerheid.

Prosedure met betrekking tot onvolledige aansoek om oordrag van dranklisensie aan voornemende houer van lisensie ingevolge artikel 74 van Wet

32.(1) Indien 'n aansoek om oordrag van 'n dranklisensie onvolledig is, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte onverwyld 'n kennisgewing uitreik, deur Vorm KZNLA 2 van Aanhangsel C te gebruik, aan sodanige aansoeker om die onvolledige aansoek te voltooi binne 14 dae.

(2) Indien die aansoeker versuim om te voldoen aan die kennisgewing bedoel in subregulasie (1) moet die Drankowerheid –

- (a) die aansoek om oordrag van 'n dranklisensie afkeur; en
- (b) die aansoeker skriftelik in kennis stel van sy besluit binne 14 dae nadat sodanige besluit geneem is.

Prosedure by toestaan van aansoek ten opsigte van oordrag van dranklisensie aan voornemende houer ingevolge artikel 74 van Wet

33.(1) Die Drankowerheid moet 'n aansoek om oordrag van 'n dranklisensie oorweeg en 'n beslissing bereik nie meer as 90 dae nie vanaf ontvangs van die aansoeker se antwoord op enige versoë of voorleggings ontvang.

(2) Indien 'n lisensie toegestaan is deur die Drankowerheid moet die Hoof- Uitvoerende Beampte, nadat betaling van die voorgeskrewe lisensiefooi bedoel in Aanhangsel B ontvang is, 'n lisensiesertifikaat in die naam van die aansoeker uitreik deur Vorm KZNLA 9 van Aanhangsel I te gebruik.

(3) Enige goedkeuring uitgereik ingevolge hierdie regulasie is nie oordraagbaar sonder vooraf goedkeuring deur die Drankowerheid nie.

DEEL VI
VERSKUIWING VAN LISENSIE VANAF GELISENSIEERDE PERSEEL NA ANDER PERSEEL
INGEVOLGE ARTIKEL 75 VAN WET

Prosedure vir verskuiwing van lisensie vanaf gelisensieerde perseel na ander perseel ingevolge artikel 75 van Wet

34.(1) 'n Persoon wat aansoek doen om verskuiwing van 'n lisensie vanaf 'n gelisensieerde perseel na 'n ander perseel ingevolge artikel 75 van die Wet moet –

- (a) sodanige aansoek by die Drankowerheid indien; en
- (b) die aansoekfooi bedoel in Aanhangsel B betaal.

(2) Die aansoek bedoel in subregulasie (1) moet slegs op 'n Vrydag, uitgesluit amptelike openbare vakansiedae, ingedien word by die Drankowerheid by 'n adres soos verskaf in die aansoekvorm deur die Drankowerheid.

(3) 'n Aansoek ingedien by die Drankowerheid, soos bedoel in subregulasie (1), word beskou as behoorlik ingedien indien all nodige dokumentasie en inligting, bedoel in artikels 41 – 51 of artikels 55 – 60 van die Wet, ingedien is by die Drankowerheid.

Vorm van aansoek om dranklisensie by Drankowerheid ten opsigte van verskuiwing van lisensie vanaf gelisensieerde perseel na ander perseel ingevolge artikel 75 van Wet

35.(1) 'n Aansoeker moet 'n aansoek indien, skriftelik en in triplikaat, om verskuiwing van 'n lisensie vanaf die gelisensieerde perseel na 'n ander perseel, soos bedoel in artikel 75 van die Wet, deur Vorm KZNLA 18 van Aanhangsel R te gebruik en moet –

- (a) in die vermelde aansoek sodanige inligting soos versoek in die vermelde aansoekvorm verskaf; en

(b) onder eed of plegtig verklaar, aan die einde van die vermelde vorm, dat die inligting vervat daarin waar en juis is.

(2) Bykomend tot die vereistes vermeld in artikel 41(2) van die Wet moet elke aansoek, ten tye van indiening by die Drankowerheid, vergesel gaan van –

(a) 'n perseelplan wat duidelik aandui –

(i) die dimensies van elke vertrek;

(ii) alle deure, vensters en toonbanke;

(iii) alle interne en eksterne inligtings- of kennisgewingborde; en

(iv) die straat en plekke waarheen welke ingange en uitgange lei; en

(b) 'n omvattende skriftelike voorlegging of motivering ter ondersteuning van die aansoek.

Prosedure deur Drankowerheid by ontvangs van aansoek om dranklisensie ten opsigte van verskuiwing van lisensie vanaf gelisensieerde perseel na ander perseel ingevolge artikel 75 van Wet

36.(1) Indien die aansoek om die verskuiwing van 'n dranklisensie vanaf 'n gelisensieerde perseel na 'n ander perseel, ingedien by die Drankowerheid ingevolge regulasie 34, onvolledig is, moet die Hoof- Uitvoerende Beamppte onverwyld 'n kennisgewing uitreik, deur Vorm KZNLA 2 van Aanhangsel C te gebruik, aan die aansoeker om 'n onvolledige aansoek binne 14 dae te voltooi.

(2) Indien die aansoek volledig is, moet die Hoof- Uitvoerende Beamppte, binne 14 dae vanaf ontvangs, die aansoek en alle meegaande dokumentasie aanstuur na die plaaslike komitee.

(3) By ontvangs van 'n aansoek, soos bedoel in subregulasie (2), moet die plaaslike komitee die aansoeker in kennis stel van ontvangs van die aansoek.

(4) Die aansoek en alle meegaande dokumentasie moet beskikbaar wees ter openbare insae –

(a) by die kantoor van die tersaaklike plaaslike komitee; en

(b) by die kantoor van die plaaslike stasiebevelvoerder.

(5) Enige persoon moet, binne 'n tydperk van 21 dae vanaf publiseringsdatum, toegelaat word om die aansoek na te gaan en 'n afskrif van die aansoek, soos bedoel in subregulasie (4), te maak by betaling van die voorgeskrewe fooi.

Kennisgewing van aansoek om dranklisensie by plaaslike komitee ten opsigte van verskuiwing van lisensie vanaf gelisensieerde perseel na ander perseel ingevolge artikel 75 van Wet

37.(1) By ontvangs deur die aansoeker van 'n skriftelike kennisgewing vanaf die plaaslike komitee, moet die aansoeker –

- (a) sodanige kennisgewing publiseer in minstens een koerant wat sirkuleer in die gebied waarin die beoogde perseel geleë sal wees deur Vorm KZNLA 3 van Aanhangel D te gebruik;
- (b) 'n 1 m x 1 m kennisgewingbord, wat duidelik dieselfde inligting vervat in Vorm KZNLA 3 van Aanhangel D vertoon, in 'n prominente plek ten toonstel op die beoogde perseel;
- (c) verseker dat die kennisgewing bedoel in paragraaf (b) sigbaar is vir verbygangers;
- (d) kennisgewing van die aansoek beteken op 'n lid van die huishouding ouer as 16 jaar vir elk van die geokkupeerde wonings binne 'n radius van 100 meter vanaf die voorgename perseel, slegs indien die voorgename perseel in 'n residensiële area geleë is;
- (e) tegelykertyd met die publisering van die aansoek in die koerant, 'n afskrif van die aansoek indien by die plaaslike kantoor van die stasiebevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Polisie in wie se jurisdiksiegebied die voorgename perseel geleë is of sal wees; en
- (f) bewys van nakoming indien by die plaaslike komitee binne sewe dae vanaf die publiseringsdatum en kennisgewing.

(2) 'n Plaaslike koerant moet Vorm KZNLA 3 van Aanhangel D gebruik vir die publisering van die kennisgewing bedoel in subregulasie (1)(b).

(3) Die plaaslike komitee moet die aansoeker inlig dat, bo en behalwe die publisering van die kennisgewing ingevolge subregulasie (1), moet die aansoeker ook teweegbring dat 'n afskrif van sodanige kennisgewing per geregistreerde pos gestuur word of afgelewer word aan –

- (a) die persoon of liggaam huidiglik in beheer van die woning geormerk vir besigheid;
- (b) die geregistreerde eienaar van die grond en die inwoner van die woning wat geormerk is vir besigheid;
- (c) die munisipale bestuurder van die munisipaliteit vir die gebied waarin die woning, wat geormerk is vir besigheid, geleë is; en
- (d) alle belanghebbendes, bekend aan die plaaslike komitee, in die algemene gebied waarin die woning wat geormerk is vir besigheid geleë is, en sodanige belanghebbendes aanbeveel om skriftelike verhoë of voorleggings betreffende die voorgename toestaan van die lisensie in te dien.

Besware of versoë ten opsigte van aansoek om verskuiwing van lisensie vanaf gelisensieerde perseel na ander perseel ingevolge artikel 75 van Wet

38.(1) Enige persoon kan, skriftelik, en nie later nie as 21 dae nadat die aansoeker kennis gegee het van die aansoek om verskuiwing van 'n lisensie vanaf gelisensieerde perseel –

- (a) beswaar aanteken teen; of
- (b) versoë rig óf teen die toestaan óf afkeur van die aansoek, en moet 'n afskrif daarvan beteken aan –
 - (i) die plaaslike komitee; en
 - (ii) die aansoeker of sy of haar verteenwoordiger wat die aansoek voorberei het; en
- (c) afdoenbare bewys van betekening deur die aansoeker aan die plaaslike komitee verskaf.

(2) 'n Persoon wat versoë rig of besware aanteken, soos bedoel in subregulasie (1), moet –

- (a) sy of haar volle name en adres verskaf;
- (b) sy of haar identiteitsnommer of, indien 'n maatskappy of beslote korporasie, sy registrasienommer verskaf;
- (c) indien van toepassing, die naam en adres van sy of haar verteenwoordiger vermeld;
- (d) die aard van die persoon se belang in die toestaan of weiering van die aansoek vermeld; en
- (e) omvattende gronde vir besware teen, of ter ondersteuning van, die aansoek verskaf.

(3) By ontvangs van geskrewe versoë, soos bedoel in subregulasie (2), moet die plaaslike komitee teweegbring dat 'n afskrif van welke versoë, per geregistreerde pos of aflewering, aan die aansoeker gestuur word waarin sodanige aansoeker aanbeveel word om skriftelik te antwoord op die skriftelike versoë of voorleggings betreffende die besware of versoë.

Indiening van inspeksieverslag ten opsigte van aansoek om verskuiwing van lisensie vanaf gelisensieerde perseel na ander perseel ingevolge artikel 75 van Wet

39. Nie later nie as 14 dae nadat die sekretaris van die plaaslike komitee die aansoek ingevolge artikel 44(1) van die Wet bestudeer het, moet 'n inspekteur, aangestel ingevolge artikel 81(1)(a) van die Wet, 'n inspeksie uitvoer en 'n verslag indien deur gebruik te maak van Vorm KZNLA 5A van Aanhangsel F1.

Reaksie van aansoeker ten opsigte van aansoek om oordrag van lisensie vanaf gelisensieerde perseel na ander perseel ingevolge artikel 74 van Wet

40. 'n Aansoeker moet, nie later nie as sewe dae na ontvangs van 'n beswaar of vertoë ingevolge artikel 43(1) van die Wet of 'n inspeksieverslag, sy of haar skriftelike antwoord, in duplikaat, indien by die plaaslike komitee.

Beswaarverhore ten opsigte van aansoek om verskuiwing van lisensie vanaf gelisensieerde perseel na ander perseel ingevolge artikel 75 van Wet

41.(1) By ontvangs van die antwoord bedoel in regulasie 38(3), en indien –

- (a) die aangeleentheid duidelik is ten opsigte van die geskrewe vertoë; en
- (b) die aangeleentheid beslis kan word ten opsigte van die dokumentasie voor die komitee,

kan die plaaslike komitee afsien van die hou van 'n beswaarverhoor soos bedoel in artikel 47(1) van die Wet.

(2) Indien die plaaslike komitee 'n beswaarverhoor hou ingevolge artikel 47(1) van die Wet sal die orde of die prosedure wees soos voorgeskryf in die riglyne.

(3) Indien die plaaslike komitee 'n beswaarverhoor hou volgens subregulasie (2), moet hy –

- (a) so doen ter nakoming van artikel 47(2) van die Wet; en
- (b) partye daardeur geraak in kennis stel deur Vorm KZNLA 7 van Aanhangel H1 te gebruik.

(4) Die kennisgewing bedoel in subregulasie (3) moet gemaak word ten minste 14 dae voor sodanige verhoor plaasvind.

(5) Die skriftelike kennisgewing kan, ingevolge artikel 47(4)(a) van die Wet, per hand, per pos of deur vervangende diens afgelewer word.

Aanstuur van dokumente aan Drankowerheid ten opsigte van aansoek om oordrag van dranklisensie aan voornemende lisensiehouer ingevolge artikel 75 van Wet

42. Binne 14 dae na oorweging van die aansoek om 'n lisensie, moet 'n plaaslike komitee by die Drankowerheid indien –

- (a) 'n verslag met aanbevelings;
- (b) die aansoek; en
- (c) enige afskrifte van dokumente ingehandig ingevolge hierdie regulasies.

Prosedure by toestaan van aansoek om verskuiwing van dranklisensie vanaf gelisensieerde perseel na ander perseel ingevolge artikel 75 van Wet

43.(1) Indien 'n aansoek betreffende die perseel wat geskik is vir die doel van die besigheid wat daarop bedryf sal word toegestaan word deur die plaaslike komitee, moet 'n lisensie, soos bedoel in Vorm KZNLA 9 van Aanhangsel I, ingevolge artikel 23(2)(a) van die Wet, uitgereik word deur die Hoof- Uitvoerende Beampte.

(2) Indien 'n aansoek toegestaan word ten opsigte van 'n onvoltooide perseel, moet 'n skriftelike kennisgewing of voorwaardelike goedkeuring uitgereik word deur die Hoof- Uitvoerende Beampte.

(3) Enige goedkeuring uitgereik ingevolge hierdie regulasie is nie oordraagbaar sonder vooraf goedkeuring deur die Drankowerheid nie.

(4) Indien appèl ingedien is ingevolge artikel 61 van die Wet, moet die Drankowerheid die aansoeker inlig dat die lisensie nie uitgereik sal word voor die appèl afgehandel is en 'n uitslagsertifikaat uitgereik is nie, ingevolge artikel 61(7) van die Wet.

Aanstelling van bestuurder van gelisensieerde perseel ingevolge artikel 77 van Wet

44.(1) 'n Aanstellingsertifikaat as bestuurder van die gelisensieerde perseel kan slegs uitgereik word aan 'n persoon, aangestel deur 'n gelisensieerde persoon ingevolge artikel 77(2) van die Wet, deur die Drankowerheid sodra die Drankowerheid tevrede is dat die voorgename bestuurder nie gediskwalifiseer of onbevoeg is ingevolge artikel 77(1)(a) van die Wet nie.

(2) Ten einde vir die Drankowerheid om sy mandaat uit te voer ingevolge subregulasie (1), moet die lisensiehouer die volgende verskaf –

(a) 'n behoorlik voltooide en getekende aansoekvorm vir die aanstelling van 'n bestuurder in ooreenstemming met Vorm KZNLA 8 van Aanhangsel H2;

(b) bewys van betaling van die toepaslike aansoekfooi soos uiteengesit in Aanhangsel B;

(c) 'n gewaarmerkte afskrif van die identiteitsdokument van die voorgename bestuurder vir aanstelling;

(d) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van 'n skriftelike indiensnemingskontrak;

(e) indien die voorgename bestuurder 'n buitelandse burger is, 'n gewaarmerkte afskrif van 'n geldige en werkende werkspermit, uitgereik deur die tersaaklike regeringsdepartement of regeringsagentskap; en

(f) 'n oorspronklike of gewaarmerkte afskrif van 'n sertifikaat uitgereik deur die SAPD geldig soos op die datum van indiening van die aansoek vir 'n tydperk van meer as drie maande vanaf die datum van uitreiking deur die SAPD.

(3) Die Drankowerheid moet die aansoek bedoel in subregulasie 2(a) oorweeg en 'n besluit neem om die aansoek toe te staan of te weier binne 30 dae nadat die ten volle voltooide aansoek ontvang is.

(4) Die aansoek ingevolge hierdie regulasie kan ingedien word op dieselfde tyd as die aansoek om 'n nuwe dranklisensie of 'n aansoek om hernuwing van 'n bestaande lisensie, waar van toepassing.

(5) Die fooie betaalbaar is per bestuurder, nieëenstaande die getal aansoeke om aanstellings van bestuurders waarvoor tegelykertyd aansoek gedoen word.

(6) Die persoon aldus aangestel om die besigheid van die dranklisensiehouer te bestuur is onderhewig aan dieselfde verpligtinge, voortspruitend uit die Wet en hierdie regulasie, as die betrokke lisensiehouer.

(7) Nieteenstaande die aanstelling van 'n bestuurder, bly die lisensiehouer verantwoordelik ten opsigte van aangeleenthede wat voortspruit uit die lisensie en die gelisensieerde perseel.

(8) Die aanstelling van die bestuurder is geldig vir die tydperk van die dranklisensie.

(9) Die aanstelling van die bestuurder verval wanneer –

- (a) die dranklisensie verstryk;
- (b) die dranklisensie óf opgeskort, herroep, teruggetrek óf gekanselleer word; en
- (c) die bestuurder bedank, ontslaan word of diens verlaat.

Tariewe betaalbaar deur Drankowerheid aan getuies by appèl- of hersieningsprosedures ingevolge artikel 99 van Wet

45. Die Drankowerheid moet tariewe of toelae, betaalbaar aan getuies in appèlprosedures, betaal in ooreenstemming met die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), en tarieftoelae betaalbaar aan getuies in siviele sake ingevolge die toepaslike bepalings van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959).

Prosedure vir indiening van klagte by Drankowerheid (Artikel 99(1)(o) van Wet)

46.(1) 'n Persoon wat 'n klagte indien ingevolge artikel 99(1)(o) van die Wet moet –

- (a) sodanige klagte indien by die Drankowerheid deur gebruik te maak van vorm KZNLA 22 van Aanhangsel V; en
- (b) sodanige klagte indien by die plaaslike komitee of die SAPD, deur gebruik te maak van die vorm verwys na in subregulasie (1)(a).

(2) Die klaer bedoel in subregulasie (1), moet die inligting en/ of dokumentasie voorsien, indien enige, om hul klagte te ondersteun.

(3) By ontvangs van die klagte deur die Hoof- Uitvoerende Beampte van die Drankowerheid, die stasiebevelvoerder van die plaaslike SAPD of die voorsitter van die plaaslike komitee, moet 'n kennisgewing, wat hom of haar inlig van die klagte teen hom of haar en sy of haar perseel, aan die lisensiehouer gestuur word.

(4) Die lisensiehouer moet, binne 'n tydperk van sewe werksdae, 'n vertoë rig aan die Hoof- Uitvoerende Beampte betreffende die bewerings van die klagte teen hom of haar.

(5) Indien die lisensiehouer versuim om sodanige vertoë te rig, binne die tydperk bedoel in subregulasie (4), kan die Hoof- Uitvoerende Beampte van die Drankowerheid toestemming gee vir die klagte om ondersoek te word.

(6) Indien die ingesamelde bewyse van geen betekenis is nie of daar geen bewyse gevind kon word wat die klagte rugsteun nie, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte die klagte verwerp en die klaer van die uitslag in kennis stel.

(7) Indien die bewyse 'n oortreding van die Wet staaf, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte 'n nakomingskennisgewing aan die lisensiehouer stuur.

(8) Indien die lisensiehouer versuim om te voldoen aan die voorwaardes van die nakomingskennisgewing, bedoel in subregulasie (7), kan die Hoof- Uitvoerende Beampte die lisensie opskort of herroep.

Aansoek om Tydelike Amnestieregistrasie (artikel 99 van Wet)

47.(1) Die Drankowerheid kan tydelike amnestie toestaan slegs aan voorafbestaande en geldige lisensiehouers gelisensieer ingevolge die Drankwet, 1989 (Wet No. 27 van 1989), vir die volgende kategorieë waaronder sodanige gelisensieerde persele nou val ingevolge hierdie Wet –

- (a) 'n gelisensieerde perseel geleë binne 'n gebied, met 'n omtrek van 500 meter, vanaf opvoedkundige- en godsdienstige instellings; en
- (b) geriefswinkels met 'n franchiselisensie toegeken aan 'n diensstasie wat petrol, diesel en ander petroleumprodukte aan die publiek verkoop.

(2) Lisensiehouers wat in aanmerking kom vir oorweging van sodanige aansoek om amnestie moet aansoek doen, binne ses maande vanaf die promulgering van die Wet, by die Drankowerheid deur Vorm KZNLA 23 van Aangangsel W1 te voltooi.

(3) 'n Voltooide aansoek met al die vereiste dokumente, wat die vereistes uiteengesit in regulasies 2 en 3 nakom, kan deur die Drankowerheid aanvaar word vir oorweging.

(4) Binne 14 dae vanaf ontvangs van die aansoek bedoel in subregulasie (3), kan die Drankowerheid, sodra hy tevrede is dat aan alle vereistes voldoen is, 'n amnestieregistrasie toestaan deur 'n sertifikaat, bedoel in Vorm KZNLA 24 van Aangangsel W2, uit te reik aan die aansoeker.

(5) Die lisensiehouer moet, tegelykertyd met die indiening van die aansoek bedoel in subregulasie (2), aansoek doen om verskuiwing van die lisensie, soos bedoel in regulasie 34.

(6)(a) 'n Amnestieregistrasiesertifikaat, uitgereik kragtens subregulasie (4) is, onderhewig aan die jaarlikse hernuwing bedoel in subregulasie (8), geldig vir 'n tydperk van drie jaar, wat bereken word vanaf die publiseringsdatum van hierdie regulasies.

(b) Die amnestieregistrasiesertifikaat verval en word van geen krag en effek sodra die aansoek om verskuiwing, bedoel in regulasie 34, afgehandel is deur die Drankowerheid en 'n uitslagsertifikaat uitgereik is aan die lisensiehouer.

(7) Die houer van 'n amnestieregistrasie moet, vir solank as wat daardie amnestieregistrasie van krag bly, alle soortlyke regte geniet en onderhewig wees aan dieselfde beperkings as dié wat hy of sy geniet het ingevolge die oorspronklike lisensie.

(8) Die houer van 'n amnestieregistrasie moet jaarliks hernuwing van daardie registrasie indien tesame met die aansoek om jaarlikse hernuwing van sy of haar lisensie.

(9) 'n Jaarlikse hernuwing bedoel in subregulasie (8) moet skriftelik en gerig wees aan die Drankowerheid, en vergesel gaan van 'n gewaarmerkte afskrif van die sertifikaat uitgereik soos bedoel in Vorm KZNLA 24 van Aanhangsel W2 en –

- (a) jaarliks ingedien word by die Drankowerheid voor of op die verjaardatum waarop daardie amnestieregistrasie vir die eerste keer uitgereik was; en
- (b) vergesel gaan van 'n betalingsbewys van 'n hernuwingsfooie soos uiteengesit in Aanhangsel B van hierdie Regulasies.

(10) Die Drankowerheid moet, by ontvangs van die jaarlikse hernuwingsfooie bedoel in subregulasie (9), onmiddelik 'n stempelafdruk op daardie vorm aanbring wat daardeur aandui dat die amnestieregistrasie hernu is en 'n afskrif van die gestempelde, jaarlikse hernuwing aan die geskikte persoon terugbesorg.

(11) 'n Amnestieregistrasie wat nie hernu is in ooreenstemming met die bepalings van subregulasie (9) nie, verval onmiddelik op die dag wat direk volg op die verjaardatum van uitreiking van daardie amnestieregistrasie en is van geen verdere krag of effek nie.

(12) Lisensiehouers wat onder die kategorië bedoel in subregulasie (1) val, en versuim om 'n aansoek om amnestie in te dien binne die vereiste tydperk soos bedoel in subregulasie (2), sal aanspreeklik gehou word as lisensiehouers ingevolge die bepalings van die Wet.

DEEL VII GEDRAGSKODE VIR LEDE VAN DRANKOWERHEID

Algemene gedrag van lede van die Drankowerheid ingevolge artikel 99(1)(t) van Wet

48. 'n Lid van die Drankowerheid moet –

- (a) die werksaamhede van sy amp te goeder trou, eerlik, deursigtig en met die nodige toewyding uitvoer;
- (b) te alle tye optree in die beste belang van die Drankowerheid en op sodanige wyse dat die geloofwaardigheid en integriteit van die Drankowerheid nie gekompromitteer word nie;
- (c) strewe daarna om vertrouwd te wees met alle statutêre en ander voorskrifte van toepassing op sy of haar gedrag en sodanige voorskrifte ook nakom;
- (d) saamwerk met openbare instellings ingestel deur wetgewing en die Grondwet ter bevordering van openbare belang;
- (e) die publiek dien op 'n onbevooroordeelde en regverdigte wyse ten einde vertroue in die Drankowerheid te kweek;

- (f) behulpsaam en redelikerwys toeganklik wees in sy of haar omgang met die publiek en lede van die publiek te alle tye behandel as klante wat geregtig is op hoë diensstandaarde;
- (g) nie onregverdiglik diskrimineer teen enige lid van die publiek op grond van ras, geslag, etniese of sosiale oorsprong, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, politieke oortuiging, gewete, geloof, kultuur of taal nie;
- (h) nie sy of haar amp misbruik ten einde vooroordeel of selfbelang te bevorder nie;
- (i) die publiek se reg tot toegang van inligting erken, uitgesluit inligting wat uitdruklik beskerm word deur wetgewing;
- (j) daarna streef om die doelwitte van die Drankowerheid op koste-effektiewe wyse en in openbare belang te bereik;
- (k) stiptelik wees in die uitvoer van sy of haar pligte;
- (l) eerlik en aanspreeklik wees tydens die hantering van openbare fondse;
- (m) die Drankowerheid se eiendom en ander hulpbronne doelmatig, doeltreffend en slegs vir amptelike doeleindes gebruik;
- (n) sy of haar verantwoordelike uitvoer op 'n professionele en bekwame wyse; en
- (o) nie betrokke wees by enige handeling wat in konflik is met, of inbreuk maak op, die uitvoer van sy of haar amptelike pligte nie.

Belonings, geskenke en gunste

49. 'n Lid van die Drankowerheid kan nie enige beloning, geskenk of guns aanvra, versoek of aanvaar om –

- (a) op 'n spesifieke wyse te stem of nie te stem nie vir enige aangeleentheid voor die Drankowerheid of voor 'n komitee waarvan daardie persoon lid is nie;
- (b) die Drankowerheid of enige ander komitee te beïnvloed rakende die uitvoer van enige bevoegdheid, werksaamheid of plig nie;
- (c) 'n vertoë tot die Drankowerheid te rig nie; of
- (d) vertroulike of bevoorregte inligting bekend te maak nie.

Ongemagtigde openbaarmaking van inligting

50.(1) 'n Lid van die Drankowerheid kan nie, sonder die toestemming van die Drankowerheid, enige bevoorregte of vertroulike inligting van die Drankowerheid aan 'n derde party bekend maak nie.

(2) Vir die doeleindes van hierdie regulasie, sluit “bevoorregte of vertroulike inligting” in, maar is nie beperk nie tot, enige inligting –

- (a) bepaal deur die Drankowerheid as bevoorreg of vertroulik;
- (b) bespreek in 'n geslote sessie van die Drankowerheid;
- (c) waarvan die bekendmaking 'n persoon se reg op privaatheid sal skend; of
- (d) verklaar as bevoorreg, vertroulik of geheim ingevolge die reg.

(3) Hierdie regulasie doen nie afbreuk aan die reg om toegang tot inligting van enige persoon ingevolge Nasionale wetgewing nie.

Ingryping in Administrasie

51. 'n Lid van die Drankowerheid kan nie, tensy so bepaal deur wetgewing –

- (a) inmeng in die bestuur of administrasie van die Drankowerheid nie, tensy so gelas deur die Drankowerheid;
- (b) enige instruksie gee, of bedoel om te gee, aan enige werknemer van die Drankowerheid nie, tensy gemagtig deur die Drankowerheid om so te doen;
- (c) die implementering van enige besluit van die Drankowerheid dwarsboom of poog om dit te dwarsboom nie; of
- (d) enige gedrag aanmoedig of daaraan deelneem wat wanadministrasie van die Drankowerheid sal meebring nie.

Plig van Voorsitter van Drankowerheid

52.(1) Sou die voorsitter van die Drankowerheid, met redelike vermoede, van mening wees dat 'n bepaling van die Gedragskode geskend is, moet die voorsitter –

- (a) 'n ondersoek na die beweerde skending gelas;
- (b) die lid 'n redelike geleentheid gee om skriftelik te antwoord betreffende die beweerde skending; en
- (c) die aangeleentheid rapporteer by 'n vergadering van die Drankowerheid nadat paragrawe (a) en (b) nagekom is.

(2) Die voorsitter moet, binne 'n redelike tyd, die uitslag van die ondersoek aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad rapporteer.

(3) Die voorsitter moet verseker dat elke lid kennis dra van die Gedragskode by ampsaanvaarding.

Skending van Gedragskode

53.(1) Die Drankowerheid kan –

- (a) ondersoek instel, aankla, 'n oordeel vel en 'n bevinding maak rakende enige beweerde skending van 'n bepaling van die Gedragskode; of
- (b) 'n spesiale komitee instel vir die hantering van enige beweerde skending van 'n bepaling van die Gedragskode –
 - (i) om ondersoek in te stel na en 'n bevinding te maak op enige beweerde skending van die Gedragskode; en
 - (ii) om toepaslike aanbevelings aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad te maak.

(2) Sou die Drankowerheid of 'n spesiale komitee bevind dat 'n lid skuldig is aan die skending van 'n bepaling van die Gedragskode, kan die Drankowerheid –

- (a) 'n formele waarskuwing aan die lid uitreik;
- (b) die lid uit die amp skors vir 'n tydperk soos bepaal deur die Drankowerheid; of
- (c) die lid uit sy amp ontslaan.

(3)(a) Enige lid wat gewaarsku, geskors of ontslaan is ingevolge paragraaf (a), (b) of (c) van subregulasie (2) kan, binne 21 dae vanaf kennisgewing van die besluit van die Drankowerheid, skriftelik appèl aanteken by die Lid van die Uitvoerende Raad, waarin die redes waarop die appèl gegrond is uiteengesit is.

(b) Die appellant moet 'n afskrif van die kennisgewing van appèl aan die Drankowerheid verskaf.

(c) Die Drankowerheid kan, binne 14 dae vanaf ontvangs van die appèl vermeld in paragraaf (b), enige skriftelike verdoë wat verband hou met die appèl rig aan die Lid van die Uitvoerende Raad.

(d) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan, nadat die appèl oorweeg is, die besluit van die Drankowerheid bevestig, tersyde stel of wysig en die appellant, asook die Drankowerheid, inlig rakende die uitslag van die appèl.

(4) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan 'n persoon of komitee aanstel om 'n beweerde skending van 'n bepaling van die Gedragskode te ondersoek en 'n aanbeveling te maak ten opsigte van die toepaslike strafbepaling ingevolge subregulasie (2).

(5) Die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad kan bepaal dat enige deel, of die geheel, van artikels 3 – 11 van die KwaZulu-Natal Wet op Kommissies, 1999 (Wet No. 3 van 1999), van toepassing is op 'n ondersoek ingevolge subregulasie (4).

(6) Sou die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad van mening wees dat die lid 'n bepaling van die Gedragskode geskend het en dat sodanige oortreding 'n skorsing of ontheffing van amp regverdig, kan die Lid van die Uitvoerende Raad –

(a) die lid vir 'n tydperk skors op voorwaardes bepaal deur die Lid van die Uitvoerende Raad; of

(b) die lid uit amp ontslaan.

(7) Enige ondersoek ingevolge hierdie regulasie moet in ooreenstemming wees met die reëls van natuurlike geregtigheid.

(8) Die Gedragskode is van toepassing op lede van die plaaslike komitees, met die nodige veranderinge.

DEEL VIII ALGEMENE BEPALINGS

Aanstelling van inspekteurs ingevolge artikel 81(1) van Wet


54. Elke inspekteur aangestel deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, ingevolge artikel 81 van die Wet, word voorsien van 'n sertifikaat soos bedoel in Vorm KZNLA 6 van Aanhangsel G.

Kort titel

55. Hierdie Regulasies word die KwaZulu-Natal Regulasies op Dranklisensiëring, 2013 genoem.

**AANHANGSEL A
AANSOEKVORM**
KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiering, 2010
(Wet No. 6 van 2010)

KZNLA 1



Bedrag: R

Kwitansieno.:

Datum:

INSTRUKSIES

1. Lees hierdie instruksies en elke vraag noukeurig voordat u dit beantwoord en volg enige spesifieke instruksie wat gegee mag word ten opsigte van sekere vrae.
2. Antwoord elke vraag volledig. Indien u versuim om enige vraag te beantwoord of onvolledige antwoorde verskaf of versuim om alle bykomende inligting en dokumentasie in te dien soos vereis, kan u aansoek verwerp word.
3. Indien 'n vraag nie op u van toepassing is nie, skryf NVT (vir "Nie Van Toepassing") in die betrokke spasie. Indien daar niks is om bekend te maak rakende 'n sekere vraag nie, skryf "Geen" in die betrokke spasie. Indien 'n wysiging gemaak word aan 'n antwoord, teken u volle handtekening langs die wysiging.
4. Alle antwoorde in die vorms, buiten handtekeninge, moet getik of netjies in blokskrif, hoofletters en swart ink voltooi word. Na voltooiing moet elke bladsy van hierdie vorm ten volle geteken word in die spasie voorsien aan die einde van elke bladsy.
5. Aansoekvorms moet voltooi word deur die aansoeker of 'n persoon aangewys deur die aansoeker.
6. Alle oorspronklike voltooide aansoekvorms en alle bykomende inligting en dokumentasie, soos vereis, moet gewaarmerkte afskrifte wees, plus een afskrif van alle bladsye, ingesluit alle ondersteunende dokumentasie, moet ingedien word.
7. Indien u bykomende spasie benodig om enige vraag te beantwoord, maak asseblief gebruik van bykomende bladsye, en verseker verder dat die nommer(s) van die vraag(vrae) wat u beantwoord duidelik aangedui is op hierdie bykomende bladsye en verseker dat die bykomende inligting se kruisverwysing met die betrokke vrae duidelik is.
8. Alle datums moet in die volgende formaat wees: Dag/Maand/Jaar.
9. Alle aansoeke moet vergesel gaan van die vereiste afskrif van die betalingskwitansie van die aansoekfooi.
10. Alle aansoeke moet ingedien word by die volgende adres:

<p>Kantoor van die Hoof- Uitvoerende Beampte Dorothy Nyembestraat 22 1ste Vloer, Marinegebou Durban 4000 Tel: (031) 302 0600/38 Faks: 086 627 4734 Webwerf: www.kznlqa.co.za</p>

AANSOEK OM LISENSIE INGEVOLGE ARTIKEL 41(1)

(DEEL A) Binneverbruik op perseel ingevolge artikel 39(a)	
Buiteverbruik weg van perseel ingevolge artikel 39(b)	
(DEEL B) Spesiale geleentheid-permit ingevolge artikel 39(c)	
(DEEL C) Mikro-vervaardiging ingevolge artikel 39(d)	

(Dui die kategorie van aansoek om lisensie van voorgenome aansoek aan deur die relevante blokke met 'n X te merk)

INHOUDSOPGAWE Beskrywing van dokument

Aanhangsels:

- | | |
|--|----------------------|
| (i) Aansoek | KZNLA 1 Aanhangsel A |
| (ii) Breedvoerige geskrewe voorleggings of motivering ingevolge artikel 41(2) | A |
| (iii) Plan van die perseel met dimensies ingevolge artikel (41)(2)(e) | B |
| (iv) Beskrywing en foto's van die perseel | C |
| (v) Dokumentasie vereis om aansoek te vergesel ingevolge artikel(41)(2)(a – l), soos per regulasie 3 | |

Aansoek voorberei deur:

1. **Aansoeker**
2. **Persoon wat optree namens die aansoeker**
(*heg volmag aan*)
3. **Indien nommer 2 van toepassing is, verskaf asseblief die volgende besonderhede:**
 - (a) **Persoon se naam en van:**
 -
 - (b) **Posadres:**
 -
 - (c) **Kontakbesonderhede:**
 - (d) **Selnommer:**
 - (e) **Landlynommer:**
 - (f) **Faksnommer:**

(g) E-posadres:

<u>BESONDERHEDE VAN AANSOEKER</u>			
1.(a) Aansoeker se volle name en van:			
(b) Ouderdom van aansoeker:			
(c) Identiteitsnommer/ Maatskappyregistrasienuommer van aansoeker:			
(d) Residensiële adres van aansoeker:			
(e) Besigheidsadres van aansoeker:			
(f) Posadres van aansoeker:			
(g) Distriksmunisipaliteit:			
(h) Plaaslike munisipaliteit:			
(i) Besigheidskontakbesonderhede:			
Sel:	Tel.:	Faks:	E-pos:
2.(a) Is aansoeker 'n persoon wat –			
(i) in the Republiek, of elders, in die voorafgaande 10 jaar gevonnissen is tot tronkstraf vir enige misdryf sonder die opsie van 'n boete;			<input type="checkbox"/> Ja <input type="checkbox"/> Nee
(ii) in die voorafgaande 10 jaar, skuldig bevind is aan 'n oortreding ingevolge die Drankwet, 1989 (Wet No. 27 van 1989), of die Wet op Dranklisensiering, 2010 (Wet No. 6 van 2010), ongeag die vonnis opgelê, en was, binne drie jaar na die skuldigbevinding, weer skuldig bevind aan 'n oortreding ingevolge enige van die twee voorafgenoemde Wette, en was daarop gevonnissen tot 'n boete van minstens R200 of tot tronkstraf sonder die opsie van 'n boete;			<input type="checkbox"/> Ja <input type="checkbox"/> Nee
(iii) 'n Suid-Afrikaanse burger is;			<input type="checkbox"/> Ja <input type="checkbox"/> Nee

(iv) indien nie, dui die land van herkoms aan en dien 'n geldige werks- of besigheidspermit uitgereik deur Binnelandse Sake in;

.....;

(v) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

Ja	Nee
----	-----

(vi) minderjarig is;

Ja	Nee
----	-----

(vii) die eggenoot/e is van 'n persoon bedoel in subparagraawe (i), (ii) or (iv); of

Ja	Nee
----	-----

(viii) opgeneem is ingevolge die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet No. 18 van 1973), of die Wet op Geestesgesondheidsorg 2002, (Wet No. 17 van 2002)?

Ja	Nee
----	-----

3.(a) Indien die aansoeker 'n wettige geregistreerde maatskappy, beslote korporasie, vennootskap, koöperatiewe vereniging, assosiasie of trust is, dui aan of 'n persoon bedoel in subparagraaf (a) –

(i) 'n beherende belang het in sodanige maatskappy, beslote korporasie, koöperatiewe vereniging, assosiasie of trust;

Ja	Nee
----	-----

(ii) 'n vennoot is in sodanige vennootskap; of

Ja	Nee
----	-----

(iii) die hoof-begunstigde is van sodanige trust.

Ja	Nee
----	-----

(b) Indien enige van die vrae in subparagraaf (a) bevestigend beantwoord is, verskaf die regsdocumentasie vir die daarstelling van die spesifieke regsentiteit verwys na in (a) hierbo; tesame met die beslissing, geteken deur al die lede van sodanige entiteit wat hierdie aansoek goedkeur.

(Gebruik 'n aanhangsel indien nodig)

4.(a) Dui die naam, identiteitsnommer en adres van elke persoon, ingesluit die aansoeker, aan

wat enige finansiële belang het in die besigheid en in elke geval die aard en omvang van sodanige belang. Indien die aansoeker 'n openbare maatskappy, statutêre instelling of 'n koöperatiewe vereniging is, soos bedoel in die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1981 (Wet No. 91 van 1981), sal dit voldoende wees indien slegs die naam en posadres van sodanige maatskappy, statutêre instelling of koöperatiewe vereniging, na gelang van die geval, die naam van elke direkteur (indien enige) daarvan en die aard en omvang van die finansiële belang van sodanige maatskappy, statutêre instelling of koöperatiewe vereniging verskaf word en nie ook die belange van individuele lede van sodanige maatskappy, statutêre instelling of koöperatiewe vereniging nie.

(Gebruik 'n aanhangsel indien nodig)

(b) Dui die finansiële belang van die aansoeker in die drankbedryf in die Republiek van Suid-Afrika aan en, indien die aansoeker 'n privaatmaatskappy, beslote korporasie, vennootskap of trust is, ook dié van elke aandeelhouer, lid of vennoot daarvan of begunstigde van die trust. (Indien die aansoeker of die vermelde aandeelhouer, lid, vennoot of begunstigde geen sodanige belang het nie, moet hierdie feit spesifiek genoem word.)

(Gebruik 'n aanhangsel indien nodig)

BESONDERHEDE VAN AANSOEK

1. Ligging van perseel: fisiese adres of identifiseerbare bakens:

(a) Residensiël:

(b) Kommersiël-gesoneerde gebied:

(c) Stedelik:

(d) Landelik:

2. Dui die nabyheid van die voorgenome perseel in terme van meters aan:

(a) Opvoedkundige instellings:

(b) Godsdienstinstellings:

(c) Ander gelisensieerde persele:

3. Wat is die status van die aansoeker ten opsigte van SEB-gradering?

(Toepaslike sertifikate moet aangeheg word).....

.....

4. Besonderhede met betrekking tot die totale getal werkseleentheid wat geskep sal word, ingevolge die voorgenome perseel, moet verskaf word:

.....

5. Verskaf 'n beskrywing van sosiale verantwoordelikhedsprogramme met betrekking tot alkoholverbruik wat onderneem sal word deur die voorgename aansoeker om 'n lisensie:

6. Bewys van 'n geldige en huidige inkomstebelastingklaringsertifikaat moet aangeheg word ten tye van indiening van hierdie aansoek.

7. Is die aansoek in openbare belang?

 Ja

 Nee

(Indien ja, verskaf motivering soos bedoel in artikel 48(6) van die Drankwet.)

8. Is die struktuur van die perseel voltooi?

 Ja

 Nee

(Indien ja, dien 'n geldige besigheidslisensie in.)

9. Okkupeer u die perseel regmatig?

 Ja

 Nee

(Indien ja, lewer bewys daarvan.)

10. Is u die eienaar van die voorgename perseel waarop u beplan om drank te verkoop? (Indien nie, word toestemming van die eienaar van die perseel of tersaaklike owerheid vereis om handel te dryf in drank en bewys moet ingedien word.)

 Ja

 Nee

11. Het u 'n sekuriteitsplan vir die voorgename perseel?

 Ja

 Nee

(Indien ja, heg bewys aan.)

12. Het u betaal vir u aansoek?

 Ja

 Nee

(Indien ja, heg bewys aan.)

13. Het u 'n breedvoerige sketsplan vir die voorgename perseel, ingesluit die stoor van drank? (Indien ja, heg bewys aan.)

 Ja

 Nee

14. Het u addisionele stoorplek?

 Ja

 Nee

(Indien ja, heg 'n sketsplan met dimensies aan.)

Indien die perseel bestuur sal word deur 'n persoon anders as die aansoeker, moet die

aansoekvorm vergesel gaan van 'n aansoek ingevolge artikel 77(1)(d) en Vorm KZNLA 8 van Aanghangsel H2.

DEEL A: VERBRUIK

BINNEVERBRUIK

BUITEVERBRUIK

4. BESONDERHEDE VAN DIE VOORGENOME PERSEEL

(1) Naam waarin besigheid bedryf sal word:

.....

(2) Dui aan vir watter tipe perseel aansoek gedoen word ingevolge artikel 39(a):

.....

(3) Dui die fisiese adres aan van die perseel waar besigheid bedryf sal word of 'n beskrywing van die ligging van die perseel ingevolge identifiseerbare bakens soos vereis word ingevolge artikel 41(2)(a):

.....

.....

(4) Beskryf die ligging van die perseel waar besigheid bedryf sal word ingevolge die erf-, straat- of plaasnommer:

.....

.....

(5) In watter distriks- of metropolitaanse gebied is die perseel verwys na in subparagraf (4) geleë?

.....

(6) Dui aan op watter gedeelte van die perseel die verkoop van drank sal plaasvind.

.....

(7) Is aansoek gedoen ten opsigte van 'n perseel wat –

(a) nog nie opgerig is nie;

 Ja

 Nee

(b) alreeds opgerig is, maar aanbouings of wysigings benodig om dit geskik te maak vir die doel van die voorgenome besigheid;

 Ja

 Nee

(c) alreeds opgerig is en, na die mening van die aansoeker, geen verdere aanbouings of wysigings benodig ten einde dit geskik te maak vir sodanige besigheid nie; of

 Ja

 Nee

(d) 'n besigheidslisensie, uitgereik deur die tersaaklike plaaslike owerheid, is aangeheg ten einde die fisiese ligging van die voorgenome perseel aan te dui?

 Ja

 Nee

(Bewys moet aangeheg word)

(8) Indien paragraaf 7(a) or (b) van toepassing is, dui aan –

(a) die datum waarop sodanige oprigtings, aanbouings of wysigings 'n aanvang sal neem:; en

(b) die tydperk wat benodig sal word vir die oprigting, aanbouings of wysigings:

.....

(9)(a) Is aansoek gedoen om enige beslissing, toestemming, goedkeuring of magtiging wat toegestaan kan word deur die KwaZulu-Natal Drankowerheid (byvoorbeeld ander besigheid of proe-fasiliteite)?

 Ja

 Nee

(b) Indien wel, verskaf volle besonderhede met verwysing na die artikel ingevolge waarvan die aansoek gedoen is.

.....

.....
(Verskaf breedvoerige motivering – gebruik 'n aanhangsel indien nodig)

(10) In die geval van 'n lisensie vir binneverbruik vir die perseel van 'n klub, heg 'n afskrif van die reëls/ grondwet van die klub, gesertifiseer deur die president, voorsitter of sekretaris aan.

Ek verklaar/ bevestig plegtig dat die inligting verskaf in hierdie aansoek en in die dokumente hierby aangeheg, waar en juis is.

.....
 Datum

.....
 Handtekening (van aansoeker of persoon
 gemagtig om aansoek te teken)

Ek sertifiseer dat hierdie verklaring voor my onder eed afgelê/ plegtig verklaar en geteken is te

..... op hierdie dag van, 20.....

deur die aansoeker/ persoon gemagtig om die aansoek te teken en wat bevestig dat –

- (a) hy/sy die inhoud van hierdie verklaring ken en verstaan;
- (b) hy/sy geen beswaar het teen die aflê van die voorgeskrewe eed/ plegtige verklaring nie; en
- (c) hy/sy die voorgeskrewe eed/ plegtige verklaring as bindend tot sy/haar gewete beskou,

en dat die volgende woorde deur hom/haar geuiter is –

“Ek sweer dat die inhoud van hierdie verklaring waar is, so help my God.”/ “Ek verklaar plegtig dat die inhoud van hierdie verklaring waar is.”

.....
 Kommissaris van Ede

.....
 Plegtige Verklaring

Volle name en van:

Besigheidsadres:

.....

Benoeming:

Gebied waarvoor aanstelling beklee word:

Amp beklee indien aanstelling *ex officio* is:

DEEL B: SPESIALE GELEENTHEDE

BESONDERHEDE VAN AANSOEK OM SPESIALE GELEENTHEDE-PERMIT

(1) Dui die tipe drank aan wat die aansoeker van voorneme is om te verkoop volgens goedgekeurde permit:

.....

(2) Dui die stoorplek aan en verskaf 'n plan:

.....

(3) Dui die naam van die spesiale geleentheid aan:

(4)(a) Beskryf die fisiese adres van die perseel waar die besigheid bedryf sal word met verwysing na die erf-, straat- of plaasnommer, asook 'n beskrywing van die perseel ingevolge identifiseerbare bakens:

.....

.....

.....

(b) In watter distriks- of metropolitaanse gebied is die perseel verwys na subparagraaf (a)

gelêe?.....

(5) Sal die aansoeker die reg hê om die perseel te okkupeer, ingesluit sodanige plek op 'n ander perseel waarop enige goedkeuring uitgeoefen moet word, vir die doel

van die lisensie waarvoor aansoek gedoen word?

 Ja

 Nee

(6) Duur van die spesiale geleentheid:

(7) Begin- en einddatum van die spesiale geleentheid:

.....

(8) Daaglikse openings- en sluitingstyd van die geleentheid:

.....

(9) Naam van die persoon wat verantwoordelik sal wees vir die verkoop van drank by die spesiale

geleentheid:

(10) Identiteitsnommer van persoon verwys na in (9) hierbo (*heg 'n gewaarmerkte afskrif van die ID aan*):

(11) Kontakbesonderhede van die persoon wat die geleentheid bestuur:

.....

DEEL C: MIKROVERVAARDIGING

(1) Dui die tipe drank aan wat aansoeker beoog om te vervaardig:

(2) Dui die beoogde hoeveelheid drank aan wat per jaar vervaardig sal word:

.....

(3) Indien aansoek gedoen word om 'n mikrovervaardigerslisensie –

(a) is die aansoeker 'n persoon wat –

(i) betrokke is by wynbou; of

 Ja

 Nee

(ii) enige ander gegiste drankie vervaardig?

 Ja

 Nee

(4)(a) Is aansoek gedoen ten opsigte van 'n perseel wat –

(i) nog nie opgerig is nie;

 Ja

 Nee

(ii) alreeds opgerig is, maar benodig aanbouings of wysigings om

 Ja

 Nee

53

dit geskik te maak vir die doel van die voorgenome besigheid; of

(iii) alreeds opgerig is en, na die mening van die aansoeker, geen verdere aanbouings of wysigings benodig, ten einde dit geskik te maak vir sodanige besigheid nie.

 Ja

 Nee

(5) Indien paragraaf 4(a)(i) of (ii) van toepassing is, dui aan –

(a) die datum waarop sodanige oprigtings, aanbouings of wysigings 'n aanvang sal neem:

.....; en

(b) die tydperk benodig vir die oprigting, aanbouings of wysigings:

.....

(6)(a) Is aansoek gedoen om enige beslissing, toestemming, goedkeuring of magtiging wat toegestaan kan word deur die KwaZulu-Natal Drankowerheid (byvoorbeeld ander besigheid of proe-fasiliteite)?

 Ja

 Nee

(b) Indien wel, verskaf volle besonderhede met verwysing na die artikel ingevolge waarvan die aansoek gedoen word

.....

.....

(Gebruik 'n aanhangsel indien nodig)

Ek verklaar/ bevestig plegtig dat die inligting verskaf in hierdie aansoek en in die dokumente hierby aangeheg, waar en juis is.

.....

Datum

.....

Handtekening *(van aansoeker of persoon gemagtig om aansoek te teken)*

Ek sertifiseer dat hierdie verklaring voor my onder eed afgelê/ plegtig verklaar en geteken is te

..... op hierdie dag van, 20.....

deur die aansoeker/ persoon gemagtig om die aansoek te teken en wat bevestig dat –

- (a) hy/sy die inhoud van hierdie verklaring ken en verstaan;
- (b) hy/sy geen beswaar het teen die aflê van die voorgeskrewe eed/ plegtige verklaring nie; en
- (c) hy/sy die voorgeskrewe eed/ plegtige verklaring as bindend op sy/haar gewete beskou,

en dat die volgende woorde deur hom/haar geuit is –

“Ek sweer dat die inhoud van hierdie verklaring waar is, so help my God.”/ “Ek verklaar plegtig dat die inhoud van hierdie verklaring waar is.”

.....

Kommissaris van Ede

.....

Plegtige Verklaring

Volle name en van:

Besigheidsadres:

.....

Benoeming:

Gebied waarvoor aanstelling beklee word:

Amp beklee indien aanstelling *ex officio* is:

**VORM OM TE VOLTOOI TEN OPSIGTE VAN DIE NABYHEID VAN VOORGENOME PERSEEL
AAN ENIGE OPVOEDKUNDIGE OF GODSDIENSTIGE INSTELLING
OF PLEK VAN AANBIDDING
(NOMMERS 2 EN 6 VAN DIE INSTRUKSIES IS VAN TOEPASSING)**

Naam van die instelling: spesifiseer hetsy 'n Opvoedkundige/ Godsdiensstige Instelling of Plek van Aanbidding	Fisiese adres	Kontakbesonderhede	Nabyheid aan voorgestelde of voltooide perseel

AANHANGSEL B
KWAZULU-NATAL DRANKLISENSIËRINGSFOOIE
 KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiëring, 2010
 (Wet No. 6 van 2010)

<u>DEEL A – PRIMÊRE AANSOEKE</u>				
Kategorieë ingevolge artikel 39 van KZN Wet op Dranklisensiëring, 2010	Tipe Aansoek	Aansoek- fooi	Lisensie- uitreikings- fooie	Lisensie- hernuwings- fooie
Binneverbruik	Akkommodasie	R1 500,00	R2 400,00	R2 400,00 per annum
	Restourant	R1 500,00	R2 400,00	R2 400,00 per annum
	Klub	R1 500,00	R1 200,00	R1 200,00 per annum
	Nagklub	R1 500,00	R4 800,00	R4 800,00 per annum
	Dobbelary- perseel	R1 500,00	R4 800,00	R4 800,00 per annum
	Sportgrond	R1 500,00	R4 800,00	R4 800,00 per annum
	Kroeg	R1 500,00	R4 800,00	R4 800,00 per annum
	Kantien	R1 500,00	R1 000,00	R1 000,00 per annum
	Teater	R1 500,00	R2 400,00	R2 400,00 per annum

Buiteverbruik	Drankwinkel	R1 500,00	R4 800,00	R4 800,00 per annum
	Kruidenierswyn	R1 500,00	R2 400,00	R2 400,00 per annum
Mikro-vervaardiging	Mikro-vervaardiging	R1 500,00	R9 700,00	R9 700,00 per annum
Spesiale Geleenthede	Spesiale Geleenthede-permit	R1 000,00	R1 000,00 per dag	–

DEEL B – SEKONDÊRE AANSOEKE

Tipe Sekondêre Aansoek	Aansoekfooi	Lisensie-uitreikingsfooi	Lisensie-hernuwingsfooi
Oordrag van 'n lisensie	R1 000,00	Soos per tipe aansoek aangedui in Deel A	
Oordrag van 'n lisensie	R1 000,00		
Oordrag van finansiële belange	R500,00	R1 000,00	–
Aanstelling van bestuurder	R500,00	R1 000,00	–
Strukturele wysigings	R500,00	R1 000,00	–
Berging weg van perseel	R500,00	R1 000,00	–
Proe	R500,00	R1 000,00	–
Enige afskrifte van alle dokumentasie	R300,00	–	–
Appelle	R500,00	–	–

AANHANGSEL C
KENNISGEWING VAN ONVOLLEDIGE AANSOEK
KwaZulu-Natal Wet op Dranklisensiering, 2010
(Wet No. 6 van 2010)

KZNLA 2

Ons verwysing:

Navrae:

Datum:

[Adres van aansoeker]

Geagte Mnr./Me.

AANSOEK INGEVOLGE [TERSAAKLIKE ARTIKEL] VAN DIE KWAZULU-NATAL WET OP DRANKLISENSIERING, 2010 (WET NO. 6 VAN 2010) – [NAAM VAN AFSETGEBIED] – [DISTRİK]

Die aansoek ingedien op [Datum] verwys.

U aansoek is gekontroleer vir administratiewe nakoming en die volgende beslissende vereistes is nie nagekom nie:

Artikel/Regulasie:

[Haal die artikel van die Wet/ Regulasie aan]

Indien u van mening is dat u wel die bogenoemde bepalings nagekom het, soos voorgeskryf, word u die geleentheid gegun om bewys daarvan te lewer daarvan binne **10 DAE** vanaf datum van hierdie kennisgewing.

Versuim om die bogenoemde uitstaande vereistes na te kom en in te dien sal lei daartoe dat u aansoek 'n onvolledige aansoek sal wees en nie verder geprosesseer sal word vir goedkeuring nie.

KWAZULU-NATAL DRANKOWERHEID